PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

gratis studiegids

www.proverto.co.za

Guiding the leaders of tomorrow

2024

# Hoërskool Olimpiade voorbereidings studiegids

## Graad 11

# REKENINGKUNDE



**VORIGE VRAESTEL EN MEMO**
**RONDE EEN EN TWEE**
**2021 * 2022 * 2023**


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

NELSON MANDELA UNIVERSITY

UFS
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

WSU
Walter Sisulu University
In pursuit of excellence

FASSET
Make the future count

DUT
DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE
Creative. Distinctive. Impactful.

PC Training & BUSINESS COLLEGE
EST 1990

# NELSON MANDELA UNIVERSITY




**Change the World by applying for a qualification in one of the following study fields:**

Accounting • Advertising • Afrikaans • Agricultural Management • Analytical Chemistry • Anthropology • Applied Design • Applied Mathematics • Architectural Technology • Architecture • Art • Auditing • Biochemistry • Biokinetics • Botany• Broadcasting • Building • Business Management • Business Studies • Ceramic Design • Chemistry • Civil Engineering • Clinical Psychology • Computer Science • Communication Networks (IT) • Conservation Biology • Construction Economics • Construction Management • Construction Studies • Counselling Psychology • Chemical Process Technology • Development Studies • Dietetics • Economics • Ecology • Education • Electrical Engineering • English • Environmental Health • Environmental Management • Emergency Medical Care (Paramedic) • Fashion • Financial Accounting • Financial Planning • Fine Art • Foundation Phase Teaching • Forestry • French • FET Teaching • Game Ranch Management • Geography • Geology • Graphic Design • History • Hospitality Management • Human Movement Science • Human Resource Management • Human Settlement Development • Industrial Psychology • Industrial Engineering • Information Systems • Information Technology • Inorganic Chemistry • Interior Design • Internal Auditing • Inventory Management • Intermediate Phase Teaching • isiXhosa • Journalism • Language & Literature • Law • Logistics • Management • Marine Biology • Marine Engineering • Marketing • Mathematics • Mechanical Engineering • Mechatronics • Media, Communication & Culture • Microbiology • Music • Medical Laboratory Science • Medicine & Surgery • Nature Conservation • Nursing • Operations Management • Painting • Pharmacy • Philosophy • Physiology • Photography • Physics • Political Studies • Polymer Technology • Psychology • Public Administration • Public Management • Public Relations Management • Quality Management • Quantity Surveying • Radiography (Diagnostic) • Restoration Ecology • Renewable Energy • Sculpture • Senior Phase Teaching • Social Work • Sociology • Software Development • Sport Management • Sport Science • Statistics • Support Services (IT) • Taxation • Textile Design & Technology • Tourism • Transport Economics • User Support Services (IT) • Visual Arts • Wood Technology • Zoology

**Change the World**

**E info@mandela.ac.za**
**T 041 504 1111**

**myfuture.mandela.ac.za**

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

2021

www.proverto.co.za

Hoërskool Olimpiade

*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 11



## Olimpiade Vraestel

## Ronde Een

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 12 Mei 2021**

# Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

# Making a career choice

Choosing a career is one of the most important decisions that you will ever make. Although most people make several career changes in their lifetime, your first career decision will have an impact on various aspects of your life. Your career choice will determine the direction in which you will develop skills, the type of organisation in which you will start working and the income that you will earn.

For most careers in the Finance, Investment, Accounting and Management sector, you will need:
Your Grade 12 (matric) qualification Subjects: Mathematics, Accounting, Economics and Business Studies




What is the Finance and Accounting Services Sector all about?
As the largest employer of people with financial management, accounting and auditing skills, this is a particularly important sector in our country.

How it is defined and what it includes depend on various sources, probably because it includes so many fields and thus, career opportunities. For example, in the national accounts and employment surveys done by Statistics South Africa - such as the Labour Force Survey (LFS), the sector includes real estate activities and a wide range of business services. Think labour brokerages, as well as information technology, legal, engineering and architectural services!

When it comes to this sector, FASSET is the name to remember. This is the Finance and Accounting Services Sector Education and Training Authority (SETA).

The Financial and Accounting Services Sector refers to all the organisations that Fasset supports. Demonstrating the many fields in this sector, these organisations include:



* investment entities, trusts and company secretary services
* stock broking and financial markets
* financial development organisations * accounting, bookkeeping, auditing and tax services
* business and management consulting services * the South African Revenue Service (SARS)
* the national and provincial treasuries* other activities linked to financial intermediation, such as debt collection

Unlocking opportunities

These pathways are often linked to membership of professional bodies and they lead to different career opportunities. Finance and accounting professionals may belong to one or more of a number of professional bodies. Although this is not always a prerequisite to practice in a financial occupation, it can be a requirement.

**FASSET Programmes:**

* Bursaries * Academic Support * Professional Body Institutions
* Learnerships * Entrepreneurial interventions * Lifelong learning
* Internships



For more information about the FASSET programmes visit **www.fasset.co.za**

Download your free FASSET career guide under the website TAB Career Awareness as well as career videos in the Finance and Accounting Services Sector.

FASSET is the proud sponsor of the 2024 Proverto National Olympiad.

FASSET
Make the future count

# PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 11 REKENINGKUNDE

## RONDE 1

## REKENINGKUNDE EN AARP-BEGINSELS

**1.** Die __________-beginsel van rekeningkunde is die idee dat alle transaksies ingesluit moet word in die tydperke waartydens dit werklik plaasvind, eerder as wanneer kontantvloei daaraan verbonde plaasvind.

**A** parings / aanwas
**B** omsigtigheid / konserwatisme
**C** konsekwentheid
**D** lopende saak

**2.** Die beginsel van __________ verwys na die idee dat alle laste en uitgawes so gou as moontlik geboekstaaf moet word, terwyl bates en inkomste slegs geboekstaaf moet word as 'n rekenmeester seker is dat dit sal plaasvind.

**A** parings / aanwas
**B** omsigtigheid / konserwatisme
**C** konsekwentheid
**D** lopende saak

**3.** Die ___________ beginsel behels dat die opgetekende bedrae vir aandelebeleggings, bates en laste nie aangepas moet word vir markwaarde, verbeteringe of inflasie nie.

**A** ekonomiese entiteit
**B** dubbel-inskrywing
**C** volledige openbaarmaking
**D** historiese koste

**4.** Volgens die __________-beginsel word kredietverkope aangeteken wanneer verkope plaasvind en nie wanneer die klant die faktuur betaal nie.

**A** volledige openbaarmaking
**B** monetêre eenheid
**C** tydsperiode
**D** paring / aanwas

**5.** Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van die besigheids-entiteitsbeginsel?

**A** Vooruitbetaalde uitgawes en die voorsiening vir waardevermindering kan oorgedra word in die verwagting dat dit behoorlik ooreenstem met die inkomste van toekomstige periodes.
**B** Marktoestande, tegnologiese veranderinge en die doeltreffendheid van bestuur word nie in die rekeninge geopenbaar nie.
**C** Enige betalings vir die eienaar se persoonlike uitgawes deur die besigheid sal as onttrekkings beskou word en die kapitaalbydrae van die eienaar in die besigheid verminder.
**D** Daar moet voorsiening gemaak word vir twyfelagtige skuld.

DUT

DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY

INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE

# 2025 Applications to Study @DUT Open



FACULTY OF ACCOUNTING & INFORMATICS

FACULTY OF APPLIED SCIENCES

FACULTY OF ARTS & DESIGN

FACULTY OF ENGINEERING & THE BUILT ENVIRONMENT

FACULTY OF HEALTH SCIENCES

FACULTY OF MANAGEMENT SCIENCES

**Apply today via the Central Applications Office (CAO):**

WWW.CAO.AC.ZA

For more information on our programmes visit: www.dut.ac.za

DurbanUniversityOfTechnology @DUT_Tweets @DUTCampusTV @DUT_Official1

@DUT_Official Durban University Of Technology

ENVISION2030

transparency • honesty • integrity • respect • accountability

fairness • professionalism • commitment • compassion • excellence

CREATIVE. DISTINCTIVE. IMPACTFUL.

**6.** 'n Onderneming skryf die koste van laewaarde-bates soos potloodskerpmakers, papiermandjies en sakrekenaars af in die wins- en verliesrekening as uitgawes, hoewel dit langer as een finansiële periode gebruik kan word. Die toepaslike rekeningkundige beginsel is ___________.

**A** objektiwiteit
**B** konsekwentheid
**C** wesenlikheid
**D** parings / aanwas

## REKONSILIASIES

**7.** Wat is die naam van die dokument wat maandeliks aan klante gestuur word om transaksies vir die maand te bevestig?

**A** Kwitansie
**B** Rekeningstaat
**C** Staat van ontvangste en uitgawes
**D** Debiteurelys

**8.** Die volgende dui stappe aan in die eksterne versoeningsproses van krediteure:

**Die rekenmeester van die onderneming wat die staat ontvang:**

(i) Vergelyk die maandelikse staat uitgereik teen die Krediteurejoernaal in die Krediteuregrootboek.
(ii) Vergelyk die debietkolom van die staat wat ontvang is met die kredietkant van die Krediteuregrootboekrekening en die kredietkant van die staat ontvang met die debietkant van die Krediteuregrootboekrekening.
(iii) Korrigeer enige foute en/of weglatings in die boeke van die besigheid van wie die maandelikse rekeningstaat ontvang is.
(iv) Voltooi die rekonsiliasiestaat en korrigeer enige foute in die finansiële rekords (Krediteuregrootboek) van die onderneming.

**Watter hiervan is verkeerd?**

**A** (i) en (ii)
**B** (ii) en (iii)
**C** (iii) en (iv)
**D** (i) en (iii)

**9.** Creta Handelaars het op 28 Februarie 2021 'n staat van 'n verskaffer, Delta Groothandelaars, ontvang. Slegs die staat het 'n kredietnota vir R560 getoon.

**Watter inskrywing moet die rekenmeester van Creta Handelaars doen as sy die krediteureversoening doen?**

**A** Debiteer die grootboekrekening van Delta Groothandelaars met R560.
**B** Krediteer die grootboekrekening van Delta Groothandelaars met R560.
**C** Debiteer die rekonsiliaisestaat met R560.
**D** Krediteer die rekonsiliaisestaat met R560.

**10.** 'n Staat ontvang dui 'n ontvangste van R2 400 aan terwyl die grootboekrekening 'n elektroniese fonds-oorplasing van R4 200 toon. Die bankstaat dui aan dat die korrekte bedrag inderdaad R2 400 is.

**Watter inkskrywing sou in die grootboekrekening gedoen word?**

**A** Debiteer met R4 200
**B** Krediet met R4 200
**C** Debiteer met R1 800
**D** Krediet met R1 800

**11.** Creta Handelaars het nie aan die kredietvoorwaardes soos deur Delta Groothandelaars bepaal, voldoen nie, aangesien die betaling van R2 880 'n dag laat geskied het. As sodanig het Delta Groothandelaars nie die korting van 10% vir vroeë betalings toegestaan nie.

**Watter inskrywing sal Creta Handelaars in hul finansiële rekords maak?**

**A** R2 880 in die KOJ om die betaling te kanselleer.
**B** R3 200 in die KOJ om die betaling te kanselleer.
**C** R320 in die AJ om die korting ontvang te kanselleer.
**D** R288 in die AJ om die korting ontvang te kanselleer.

**12.** Foxtrot Motor Onderdele ontvang 'n staat van 'n verskaffer, Gamma Imports, wat 'n uitstaande saldo van R179 500 toon. Foxtrot Motor Onderdele se rekords toon dat die bedrag van R98 440 verskuldig is. 'n Ondersoek het die volgende getoon:

(i) Gamma Imports moet nog 'n betalingsbewys van R45 000 vanaf Foxtrot Motor Onderdele aanteken.
(ii) Foxtrot Motor Onderdele moet steeds 'n faktuur van R32 500 van Gamma Imports ontvang.
(iii) Foxtrot Motor Onderdele was nie daarvan bewus dat korting van R560 geweier is nie.

**Bereken die verskil wat Foxtrot Motor Onderdele nog moet ondersoek.**

**A** R3 560
**B** R4 120
**C** R12 500
**D** R3 000

**13.** Hotel Handelaars koop goedere by Indië Groothandelaars. Op 1 Februarie 2021 skuld Hotel Handelaars Indië Groothandelaars R29 450.
**Hotel Handelaars het die volgende transaksies verwerk**:

- Twee fakture van Indië Groothandelaars vir aankope gedurende Februarie 2021 vir R54 550 en R48 500.
- Op 28 Februarie 2021 was 'n derde faktuur vir R23 500 en 'n betaling van R80 640 deur Hotel Handelaars in transito. By die betaling het Hotel Handelaars 'n afslag van 4% in ag geneem vir vroeë betalings van die eerste twee fakture.

**Indië Groothandelaars het die volgende transaksies verwerk**:

- Al drie fakture en die bedrag verskuldig aan Indië Groothandelaars as R156 000.

**Bereken die bedrag wat Hotel Handelaars op 28 Februarie 2021 aan Indië Groothandelaars skuld.**

**A** R156 000
**B** R71 238
**C** R29 450
**D** R75 360

**14.** Die proefbalans balanseer wanneer die debiteurekontrole se saldo daarby ingesluit word, maar dit balanseer nie as die totaal van die debiteurelys ingesluit word nie.

**Dit is duidelik dat die fout ...**

**A** in die debiteurekontrolerekening sowel as die debiteuregrootboek is.
**B** nie in die debiteurekontrolerekening of in die debiteuregrootboek is nie.
**C** in die individuele rekeninge van debiteure in die debiteuregrootboek is.
**D** in die debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek is.

## BATEVERKOPE

**15.** Juliett & Co. toon 'n saldo vir grond en geboue op **28 Februarie 2020** van R3 650 000 op die balansstaat.

Herstelwerk aan die bestaande gebou gedurende die huidige boekjaar het R130 000 beloop. Die parkeerarea is ook opgegradeer. Motorafdakke is geïnstalleer en die gruisparkeerarea is geplavei. Dit beloop R870 000.

Bereken die syfer waarteen grond en geboue in die balansstaat **vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021** aangedui sal word.

**A** R3 650 000
**B** R4 390 000
**C** R4 520 000
**D** R4 650 000

**16.** **Die volgende inligting is uit die rekords van Kilo Bakery geneem:**

| | | |
|---|---|---|
| **Saldo's op 1 Maart 2020:** | Voertuie | R1 170 000 |
| | Opgehoopte waardevermindering op voertuie | R431 250 |

**Bykomende inligting:**
(i) Waardevermindering word bereken teen 25% per jaar op kosprys.
(ii) 'n Nuwe voertuig is op 31 Oktober 2020 aangekoop teen 'n bedrag van R480 000.

**Bereken die waardevermindering op voertuie vir die huidige finansiële jaar wat eindig op 28 Februarie 2021.**

**A** R224 688
**B** R332 500
**C** R412 500
**D** R292 500

**17.** Lima Handelaars bereken waardevermindering op toerusting teen 20% per jaar volgens die verminderende saldometode. Een van die masjiene wat in die produksieproses gebruik word, is verkoop en vervang met nuwe tegnologie op 1 Junie 2020.

**Inligting rakende die verkoopte toerusting:**

- Die drawaarde van die masjien op 1 Maart 2020 was R47 000.
- Hierdie masjien is op krediet verkoop aan 'n plaaslike sakevrou wat haar eie onderneming begin. Die ooreengekome prys was R2 000 meer as die drawaarde van die masjien op daardie dag.

**Een van die korrekte kredietinskrywings in die bateverkope-rekening sal wees:**

**A** Debiteurekontrole R42 650
**B** Bank R47 000
**C** Debiteurekontrole R46 650
**D** Wins op verkoop van bate R2 000

**18.** Mikes Shop het toerusting met 'n **kosprys van R244 000 op 28 Februarie 2020**. Toerusting bestaan uit **vier** identiese masjiene wat almal op dieselfde dag teen dieselfde prys gekoop en geïnstalleer is. Een van hierdie masjiene is verkoop en vervang met 'n nuwe masjien wat 15% meer gekos het op **1 Maart 2020**.

**Bereken die kosprys van die toerusting op die laaste dag van die huidige finansiële jaar, 28 Februarie 2021.**

**A** R374 133
**B** R314 150
**C** R253 150
**D** R280 600

**19.** Die volgende is beheermaatreëls om te verseker dat nie-bedryfsbates veilig beskerm word:

(i) Verkrygings en verkoop word behoorlik gemagtig.
(ii) Die aangetekende bates bestaan.
(iii) Die aangetekende nie-bedryfsbates word deur die vennote besit.
(iv) Waardevermindering word in die rekeningkundige rekords van die onderneming aangeteken.
(v) Waardevermindering word korrek bereken volgens wisselende statistiese metodes en nuttige lewensduur.

**Watter van hierdie maatreëls is NIE behoorlike interne beheermaatreëls NIE?**

**A** (i), (ii) en (iii)
**B** (iii), (iv) en (v)
**C** (iii) en (v)
**D** (i), (iv) en (v)

## VENNOOTSKAPPE EN FINANSIËLE STATE

**20.** 'n Voordeel om as vennootskap te funksioneer, is:

**A** Een vennoot sal altyd 'n stille vennoot wees en as sodanig geen insette in besluitneming hê nie.
**B** Meer kapitaal kan verkry word deur aandele uit te reik.
**C** Toegang tot 'n groter hoeveelheid aanvangskapitaal.
**D** Beperkte aanspreeklikheid aangesien die besigheid en die vennote as afsonderlike entiteite beskou word.

**21.** Watter een van die volgende sal nie in die vennote se lopende rekeninge opgeneem word nie?

**A** Salarisse aan vennote betaal
**B** Rente op kapitaal
**C** Onttrekkings
**D** Klandisiewaarde (goodwill)

**22.**
- Mnr. A en mnr. B is in 'n vennootskap wat winste deel in 'n verhouding van 3:2.
- Die netto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 is as R120 000 bereken.
- Rente op kapitaal is toegeken as R4 000 aan mnr. A en R3 500 aan mnr. B.
- Mnr. B het 'n maandelikse salaris van R5 000 ontvang.

**Bereken hoeveel wins mnr. B meer as mnr. A sal ontvang in die finale verdeling.**

**A** R10 500
**B** R31 500
**C** R21 000
**D** R49 000

**23.** 'n Debietsaldo op 'n lopende rekening van 'n vennoot dui daarop dat:

**A** die vennoot meer onttrek het as wat hy in die vennootskap verdien het.
**B** onttrekkings laer is as die winsdeel vir daardie spesifieke boekjaar.
**C** die vennoot 'n kredietsaldo op sy kapitaalrekening het.
**D** die vennoot eintlik insolvent is.

**24.** Die korrekte inskrywing om die salaris van Vennoot A aan te teken, is:

| | **DEBIET** | **KREDIET** |
|---|---|---|
| **A** | Kapitaalrekening: A | Salarisrekening: A |
| **B** | Salarisrekening: A | Lopende rekening: A |
| **C** | Lopende rekening: A | Verdelingsrekening |
| **D** | Verdelingsrekening | Lopende rekening: A |

**25.** Watter van die volgende kenmerke moet bestaan om 'n onderneming as 'n vennootskap te erken?

**A** Die onderneming moet deur ten minste twee natuurlike persone besit word.
**B** Daar moet mede-eienaarskap, 'n onderneming en 'n voorneme om winste te deel wees.
**C** Die onderneming moet by CIPRA geregistreer wees.
**D** Die eienaars moet 'n skriftelike ooreenkoms hê om sake as vennote te bedryf.

**26.** Watter een van die volgende sal op die laaste dag van die finansiële jaar op die balansstaat van 'n vennootskap onder bedryfsbates gelys word?

**A** Die waarde van die handelsvoorraad op die eerste dag van die huidige finansiële jaar.
**B** Die waarde van die handelsvoorraad op die laaste dag van die huidige finansiële jaar.
**C** Vooruitbetaalde uitgawes op die laaste dag van die vorige finansiële jaar.
**D** Inkomste ontvangbaar op die laaste dag van die vorige finansiële jaar.

**27.** Om watter een of meer van die volgende redes sou u vennote aanraai om hul finansiële state professioneel te laat oudit?

(i) Sodat alle vennote kan voel dat hul belange beskerm word.
(ii) Dit is 'n wettige vereiste.
(iii) Om geskille en moontlike regsgedinge te vermy.
(iv) Dit verhoog die aansien van die onderneming.

**Kies die korrekte kombinasie:**

**A** (i) en (iv)
**B** (i) en (iii)
**C** (iii) en (iv)
**D** (ii) en (iii)

**28.** November Handelaars, 'n vennootskap, hou afsonderlike kapitaalrekeninge en lopende rekeninge vir elke vennoot by.

**Watter een of meer van die volgende moet in die lopende rekeninge gekrediteer word?**

(i) Deel van die wins uit die vennootskap.
(ii) Enige onttrekkings wat deur 'n vennoot gedurende die boekjaar gemaak is.
(iii) Enige huur, salaris of rente wat aan 'n vennoot verskuldig is.
(iv) Bykomende kapitaal wat gedurende die jaar deur 'n vennoot ingestel is.

**Kies die korrekte kombinasie:**

**A** (i) en (iv)
**B** (iii) en (iv)
**C** (ii) en (iii)
**D** (i) en (iii)

**29.** Kara, Lara en Mara is in vennootskap met 'n ooreenkoms wat voorsiening maak vir 'n salaris van R2 000 per maand aan Kara, die rente van hul vaste kapitaalsaldo teen 6% per jaar en die verdeling van wins in die verhouding 3:2:1. Die kapitaalrekeningsaldo's van Kara, Lara en Mara was onderskeidelik R500 000, R300 000 en R200 000. Die wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2021 was R728 400.

**Bereken die vennootskapwins waarop elke vennoot geregtig is.**

| | **KARA** | **LARA** | **MARA** |
|---|---|---|---|
| **A** | R346 200 | R214 800 | R107 400 |
| **B** | R322 200 | R214 800 | R107 400 |
| **C** | R376 200 | R232 800 | R119 400 |
| **D** | R352 200 | R250 800 | R131 400 |

**30.** Dolly, Molly en Polly is in vennootskap op grond van 'n ooreenkoms wat voorsiening maak vir gelyke verdeling van winste nadat Dolly se salaris teen R3 000 per maand toegelaat is. Dolly het aan die einde van elke maand gereeld haar salaris getrek. Die vennootskap se wins vir die jaar geëindig 30 Junie 2021 was R312 000.

Bereken die bedrae waarmee die onderskeie lopende rekeninge sal verander indien Dolly op 1 Desember 2020 'n bykomende R10 000 sou trek, terwyl Molly op 1 Januarie 2021 R20 000 sou onttrek en Polly op 1 April 2021, R15 000.

| | DOLLY | MOLLY | POLLY |
|---|---|---|---|
| **A** | + R92 000 | +R92 000 | +R92 000 |
| **B** | + R82 000 | +R72 000 | +R77 000 |
| **C** | - R92 000 | - R92 000 | - R92 000 |
| **D** | - R82 000 | - R72 000 | - R77 000 |

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

# 2022

www.proverto.co.za

Hoërskool Olimpiade

*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 11



## Olimpiade Vraestel

## Ronde Een

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 11 Mei 2022**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

## REKONSILIASIES

**Beste Handelaars het 'n bankstaat van ABBA Bank ontvang vir die maand wat op 28 Februarie 2022 geëindig het.**

**Beantwoord vrae 1, 2 en 3.**

1. Die bankstaat het aangedui dat toestemming aan Safe Insure toegestaan is om 'n maandelikse betaling vir versekering uit die lopende rekening van Beste Handelaars te ontvang. Dit staan bekend as 'n:

A debietorder.
B stoporder.
C EFO.
D tjek.

2. Die bankstaat het twee rente-inskrywings aangedui, een debietinskrywing vir R200 en een kredietinskrywing vir R300. Die korrekte inskrywings wat die rekenmeester in die finansiële rekords van Beste Handelaars moet maak, is:

A debiteer *rente op lopende rekening* met R200 en krediteer *rente op oortrokke rekening* met R300.
B krediteer *rente op lopende rekening* met R300 en debiteer *rente op oortrokke rekening* met R200.
C debiteer of krediteer óf *rente op lopende rekening* óf *rente op oortrekking* met die netto resultaat van R100.
D geen inskrywing nie, want daar is 'n fout op die bankstaat, aangesien die bankstaat nie beide 'n debiet- en 'n kredietinskrywing vir rente kan toon nie.

3. Watter van die volgende prosedures beskryf die rekonsiliasie van kontant die beste?

A Die banksaldo op 31 Januarie 2022 in die Algemene Grootboek word met die eindsaldo van die bankstaat wat ontvang is, vergelyk.
B Die banksaldo op 28 Februarie 2022 in die Algemene Grootboek word met die openingsaldo van die bankstaat wat ontvang is, vergelyk.
C Kontantdeposito's in die KOJ word met die kredietinskrywings op die bankstaat vergelyk om te verseker dat kontant wat gedeponeer is, ooreenstem.
D Kontantdeposito's in die KOJ word vergelyk met die debietinskrywings op die bankstaat om te verseker dat kontant wat gedeponeer is, ooreenstem.

**Wok This Way skuld 'n bedrag van R20 000 aan 'n krediteur. Korting van R400 word ontvang vir die vroeë vereffening van die rekening.**

**Beantwoord vrae 4 en 5.**

4. Die effek op die rekeningkundige vergelyking is:

| | Bates | Ekwiteit | Laste |
|---|---|---|---|
| A | -400 | -400 | |
| B | +400 | +400 | |
| C | | +400 | -400 |
| D | | -400 | +400 |

5. Die EFO-bedrag vir die vereffening van die rekening is:

A R20 800
B R20 400
C R20 000
D R19 600

6. Eggcellent Eats, 'n groothandelaar, verskaf goedere op krediet aan Thai Tanic. 'n Kredietnota is aan Thai Tanic uitgereik vir die weglating van handelskorting op die laaste faktuur wat aan hulle gestuur is. Die rekenmeester van Eggcellent Eats het die kredietnota verkeerdelik as 'n faktuur in die rekening van Thai Tanic aangeteken. Watter inskrywing moet die rekenmeester van Eggcellent Eats in die rekening van Thai Tanic maak om die fout reg te stel?

A Debiteer die rekening met die bedrag van die kredietnota.
B Debiteer die rekening met twee maal die bedrag van die kredietnota.
C Krediteer die rekening met die bedrag van die kredietnota.
D Krediteer die rekening met twee maal die bedrag van die kredietnota.

**Lord of the Fries koop bevrore skyfies van Phat Tato. Lord of the Fries het Phat Tato R11 400 betaal nadat hulle 5% korting in ag geneem het vir vroeë betaling. Phat Tato het nie die korting toegestaan nie, aangesien die betaling van Lord of the Fries laat in die bankrekening van Phat Tato gereflekteer het.**

**Beantwoord vrae 7 en 8.**

7. Watter van die volgende inskrywings beskryf die regstelling wat Lord of the Fries in hul hulpgrootboek moet maak?

A Krediteer die rekening van Phat Tato in die Krediteure Grootboek.
B Krediteer die rekening van Phat Tato in die Debiteure Grootboek.
C Debiteer die rekening van Phat Tato in die Krediteure Grootboek.
D Debiteer die rekening van Phat Tato in die Debiteure Grootboek.

8. Wat was die hoeveelheid korting wat deur Lord of the Fries bereken is?

A R570
B R600
C R228
D R114

9. Time to Dye is 'n haarkapper. Anne, die eienaar, het een van haar kliënte, Sally, se rekening twee keer gedebiteer. Sally het die volle bedrag wat verskuldig is betaal, aangesien sy nie die fout opgemerk het nie. Die rekenmeester het die fout geïdentifiseer. Watter inskrywing moet Anne maak?

A Geen inskrywing moet gemaak word nie, aangesien Sally nie die fout opgetel het nie.
B Debiteer Sally se rekening met die bedrag verkeerdelik gedebiteer.
C Krediteer Sally se rekening met die bedrag verkeerdelik gedebiteer.
D Krediteer Sally se rekening met twee maal die bedrag verkeerdelik gedebiteer.

## VASTE BATES, WAARDEVERMINDERING EN BATEVERWYDERING

10. Badger Transport het 'n tweedehandse voertuig op krediet gekoop vir afleweringsdoeleindes. Die koopprys was R600 000. Die voertuig is oorgeverf in die kleure van Badger Transport. Dit het R190 000 beloop en is kontant betaal. Ingesluit in die R190 000 was R45 000 vir 'n groot diens van die voertuig, asook die vervanging van die remme. Lisensiegelde het R3 000 vir die jaar beloop en 'n EFO is vir hierdie bedrag gemaak.

Wat sou die NETTO EFFEK op die rekeningkundige vergelyking wees?

| | Bates | Ekwiteit | Laste |
|---|---|---|---|
| A | -552 000 | +48 000 | -600 000 |
| B | -407 000 | +193 000 | -600 000 |
| C | +552 000 | -48 000 | +600 000 |
| D | +407 000 | -193 000 | +600 000 |

**Die volgende saldo's is 'n uittreksel uit die rekords van Cool Features op 1 Maart 2021:**

| | |
|---|---|
| **Voertuie** | **R1 350 000** |
| **Opgehoopte waardevermindering op voertuie** | **R270 000** |

**Addisionele inligting:**

**(i) Waardevermindering word bereken teen 20% per jaar op kosprys.**
**(ii) 'n Nuwe voertuig is op 31 Oktober 2021 op krediet aangekoop vir R450 000.**

**Beantwoord vrae 11 en 12.**

11. Bereken die waardevermindering vir die jaar wat op 28 Februarie 2022 eindig.

A R360 000
B R300 000
C R270 000
D R210 000

12. Op 28 Februarie 2022 het Cool Features twee voertuie gehad volgens die bateregister. Op watter datum is die eerste voertuig gekoop?

A 1 Maart 2020
B 1 September 2020
C 1 Maart 2021
D 1 September 2021

**Toerusting bestaan uit 5 identiese masjiene. Die balansstaat dui aan dat die totale koste van die toerusting R580 800 is. Die ouditeur stem nie met hierdie syfer saam nie, aangesien die laaste eenheid wat aangekoop is (eenheid 5), nie in die finansiële rekords aangeteken is nie. Hierdie eenheid is op krediet aangekoop vir R5 000 meer as eenhede 3 en 4. Hierdie twee eenhede is gekoop teen 'n prys 20% hoër as die oorspronklike koopprys van eenhede 1 en 2.**

**Beantwoord vrae 13 en 14.**

13. Wat was die oorspronklike koopprys van eenhede 1 en 2 per eenheid?

A R145 200
B R132 000
C R116 000
D R116 160

14. Bereken die korrekte bedrag wat in die balansstaat ingesluit moet word.

A R731 000
B R585 800
C R575 800
D R744 200

**Waardevermindering op toerusting word volgens die verminderende saldometode in berekening gebring. Die volgende saldo's is van Wagging Tail Suppliers geneem.**

| | **2021** | **2020** |
|---|---|---|
| **Voertuie teen koste** | 960 000 | 800 000 |
| **Opgehoopte waardevermindering op voertuie** | 488 320 | 390 400 |

**Die nuwe voertuig is ses maande na die begin van die boekjaar aangekoop.**

**Beantwoord vrae 15, 16 en 17.**

15. Bereken die waardeverminderingsbedrag vir die jaar.

A R97 920
B R160 000
C R471 680
D R409 600

16. Bereken die verskil in die drawaarde van voertuie tussen die einde van die 2020- en die einde van die 2021-boekjaar.

A R160 000
B R97 900
C R62 080
D R409 600

17. Teen watter koers word waardevermindering bereken?

A 10%
B 15%
C 20%
D 25%

18. Die rekenmeester van Pow Chow het die volgende maatreëls met betrekking tot bates ingestel:

(i) Verkrygings en verkoop van bates moet behoorlik deur minstens twee van die drie vennote gemagtig word.
(ii) Alle bates in die bateregister moet op die laaste dag van die boekjaar fisies geïnspekteer word om die bestaan daarvan te verifieer.
(iii) Nie-bedryfsbates moet geregistreer word in die naam van een of meer van die vennote van die vennootskap.
(iv) Waardevermindering teen drawaarde moet aangeteken word op óf die datum van bateverkope, óf op finansiële jaareinde in die rekords van die vennote.
(v) Waardevermindering word jaarliks bereken deur óf die kosprys óf die drawaarde van bates te gebruik, afhangende van watter een die kleinste uitwerking op winste vir daardie jaar sal lewer.

Watter van hierdie is behoorlike interne beheermaatreëls?

A (i) en (ii)
B (i), (ii) en (iv)
C (ii), (iii) en (iv)
D (iii), (iv) en (v)

19. Verouderde toerusting (kosprys R140 000) en opgelope waardevermindering van R137 000 op 1 Julie 2021 is teen drawaarde op 31 Maart 2022 verkoop. Waardevermindering word bereken teen 20% per jaar op kosprys. Bereken die wins met bateverkope.

A R0
B R1
C R3 000
D R21 000

## VENNOOTSKAPPE: ALGEMENE GROOTBOEKREKENINGE, REKENINGKUNDIGE VERGELYKING, VERDELING VAN WINSTE EN FINANSIËLE STATE

20. Die volgende punte beskryf voordele of nadele van 'n vennootskap as vorm van eienaarskap:

(i) 'n Vennoot kan die vermoë om geld te leen om die groei van die onderneming te finansier, verbeter.
(ii) 'n Vennoot deel die finansiële las vir bedryfsuitgawes en kapitaaluitgawes wat nodig is om die onderneming te bestuur.
(iii) 'n Vennootskap sal geen inkomstebelasting betaal nie, aangesien die inkomstebelastinglas aan die vennote oorgedra word.
(iv) 'n Vennoot kan uitgesluit word van winsdeling.
(v) 'n Stilswyende vennoot sal beheer oor die besigheid neem, maar belangrike besluite sal gesamentlik geneem word.

Watter van hierdie word beskou as voordele van 'n vennootskap?

A (i), (ii) en (iii)
B (ii), (iii) en (iv)
C (iii), (v)
D (i), (iii) en (iv)

21. Watter een van die volgende sal in die vennote se kapitaalrekeninge ingesluit word?

A Salarisse betaal aan vennote volgens die vennootskapsooreenkoms.
B Rente op kapitaal soos bereken op die openingsaldo's van kapitaal.
C 'n Toename in die kapitaalbydrae van 'n vennoot.
D Die totale onttrekkings van kontant of goedere van 'n vennoot.

22. Die lopende rekening van vennoot A toon 'n debietsaldo op jaareinde. Dit beteken dat:

A die vennoot meer kontant onttrek het uit die vennootskap in die huidige jaar as kontant verkry uit die vennootskap in die huidige en vorige jare.
B die onttrekkings van vennoot A minder was in die huidige boekjaar as die onttrekkings van vennoot A in die vorige boekjaar.
C vennoot A sy kapitaalbydrae in die huidige boekjaar verhoog het en dat aanpassings aan die vorige jare se rente op kapitaal gemaak is.
D die vennoot in sy private hoedanigheid verantwoordelik is vir die insolvensie van die vennootskap en dat hy slegs in die skuld van die vennootskap sal deel.

23. Watter van die volgende moet vervul word voordat 'n besigheid as 'n vennootskap erken kan word?

A Die ooreenkoms om sake te doen, moet skriftelik wees.
B Die onderneming moet by CIPRA en die SAID geregistreer wees.
C Die eienaars moet mede-eienaars van die besigheid wees en alle eienaars het 'n regseis op ander eienaars se bates.
D Die onderneming moet deur meer as een natuurlike persoon besit word.

24. Watter een van die volgende sal geklassifiseer word as 'n bedryfslas op die balansstaat van 'n vennootskap?

A Die lopende rekening van 'n vennoot as dit 'n debietsaldo het.
B Die lopende rekening as die bankstaat 'n kredietsaldo toon.
C Die korttermyn gedeelte van 'n verbandlening.
D Inkomste ontvangbaar op die laaste dag van die finansiële jaar.

25. Vennoot A en Vennoot B ontvang albei jaarlikse toelae as salaris van die vennootskap. Vennoot A het die volle salaris vir die jaar geneem. Vennoot B het slegs 10 maande se salaris vir die jaar geneem. Die verskil in die boekstawing hiervan sou as volg wees:

A Salaris A sal gedebiteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings A sal gedebiteer word met die volle bedrag wat as salarisse getrek word. Salaris B sal gedebiteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings B sal gedebiteer word met die waarde van 10 maande se salaris.
B Salaris A sal gekrediteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings A sal gekrediteer word met die volle bedrag wat as salarisse getrek word. Salaris B sal gekrediteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings B sal gekrediteer word met die waarde van 10 maande se salaris.
C Salaris A sal gedebiteer word met die volle bedrag toegeken en geen inskrywing sal in die Onttrekkings A gemaak word nie.
D Salaris A sal gekrediteer word met die volle bedrag toegeken en geen inskrywing sal in die Onttrekkings A gemaak word nie.

**Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekeningkundige rekords van BelMar Traders, 'n vennootskap.**

| | Bella | Marna |
|---|---|---|
| **Primêre verdeling** | 268 000 | 372 000 |
| **Finale verdeling** | 172 000 | ? |

**Beantwoord vrae 26 en 27.**

26. Vennoot Bella verdien 'n salaris van R18 000 per maand. Sy het 10 maande se salaris onttrek. Sy ontvang ook 10% per jaar rente op kapitaal. Hoeveel kapitaal het Bella in die vennootskap belê?

A R520 000
B R880 000
C R216 000
D R268 000

27. BelMar Handelaars verdeel winste in 'n verhouding van 4:3. Bereken die bedrag wat aan Marna toegeken is as finale verdeling.

A R129 000 wins
B R440 000 wins
C R330 000 wins
D R42 000 verlies

**Up and Away Transport verhuur sedert 1 September 2020 een van sy stoorfasiliteite aan Fearless Flight. Op 30 Junie 2021, die laaste dag van die finansiële jaar, het die Huur Inkomsterekening in die Algemene Grootboek van Up and Away Transport 'n saldo van R372 375 gehad. Volgens die ooreenkoms sal huur na 6 maande met 5% verhoog word. Die huur vir Julie 2020 is op 25 Junie 2020 ontvang en aangeteken.**

**Beantwoord vrae 28 en 29.**

28. Bereken die korrekte aansuiwering wat aan die Huur Inkomsterekening gemaak moet word vir die jaar wat op 30 Junie 2021 eindig.

A Debiteer die Huur Inkomsterekening met vooruitontvange inkomste, R34 755.
B Krediteer die Huur Inkomsterekening met vooruitontvange inkomste, R34 755.
C Debiteer die Huur Inkomsterekening met inkomste ontvangbaar, R338 522.
D Krediteer die Huur Inkomsterekening met inkomste ontvangbaar, R338 522.

29. Watter rekeningkundige beginsel is van toepassing op die aanpassing van die huur wat ontvang is?

A Paringsbeginsel
B Wesenlikheidsbeginsel
C Monetêre beginsel
D Omsigtigheidsbeginsel

30. Die vennote se ekwiteit van 'n vennootskap bestaan uit die volgende:

A Die kredietsaldo van Kapitaal A plus die kredietsaldo van Kapitaal B plus die kredietsaldo van Lopende rekening A of minus die debietsaldo van Lopende Rekening A plus die kredietsaldo van Lopende rekening B of minus die debietsaldo van Lopende Rekening B.

B Die kredietsaldo van Kapitaal A plus die kredietsaldo van Kapitaal B plus die debietsaldo van Lopende rekening A of minus die kredietsaldo van Lopende Rekening A plus die debietsaldo van Lopende rekening B of minus die kredietsaldo van Lopende Rekening B.

C Die debietsaldo van Kapitaal A plus die debietsaldo van Kapitaal B plus die kredietsaldo van Lopende rekening A of minus die debietsaldo van Lopende Rekening A plus die kredietsaldo van Lopende rekening B of minus die debietsaldo van Lopende Rekening B.

D Voeg die totale bates van die vennootskap by die totale laste van die vennootskap om die totale ekwiteit van die vennootskap te verkry.


#KiesUP
Maak jou toekomsdrome waar
#KiesUP
Ons grade word internasionaal erken.
Ons alumni is baie gesog.
Ons het ondersteuningsprogramme om ons studente te help om suksesvol te wees.
Ons help om jou voor te berei op die wêreld van werk.
Jou toekoms maak saak.
www.up.ac.za/programmes
AD DESTINATUM PERSEQUOR
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Make today matter
www.up.ac.za

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Hoërskool Olimpiade

2023

www.proverto.co.za

Guiding the leaders of tomorrow

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 11



### Olimpiade Vraestel

### Ronde Een

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 10 Mei 2023**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

## AARP BEGINSELS

**1.** Watter van die volgende stellings geld ten opsigte van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP)?

A AARP is 'n stel riglyne vir finansiële verslagdoening.
B AARP is slegs van toepassing op beursgenoteerde maatskappye.
C AARP is nie belangrik vir klein ondernemings nie.
D AARP is 'n stel reëls wat alle besighede moet volg.

**2.** Watter van die volgende is die belangrikste rede om AARP te volg?

A Om boetes vir nie-nakoming te vermy.
B Om te verseker dat finansiële state akkuraat en betroubaar is.
C Om konsekwentheid in alle bedrywe te handhaaf.
D Om finansiële state makliker verstaanbaar vir nie-rekenmeesters te maak.

**3.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n situasie waar 'n maatskappy dalk van AARP moet afwyk?

A Die maatskappy steek finansiële inligting vir SAID weg.
B Die maatskappy werk in 'n bedryf waar AARP nie van toepassing is nie.
C Die maatskappy staar 'n unieke situasie in die gesig wat nie deur AARP aangespreek word nie.
D Die bestuur van die onderneming stem nie saam met die beginsels van AARP nie.

**4.** 'n Besigheid het 'n nuwe afleweringsvoertuig vir R300 000 gekoop. Watter AARP-beginsel vereis dat die koste van die vragmotor teen R300 000 aangeteken word?

A Dubbelinskrywingsbeginsel
B Historiese koste beginsel
C Paringsbeginsel
D Omsigtigheidsbeginsel

**5.** 'n Besigheid het 'n debiteurelys van R10 000 aan die einde van die jaar. Watter AARP-beginsel vereis dat die onderneming 'n voorsiening vir oninbare skuld skep en aanteken op grond van die waarskynlikheid dat kliënte nie hul rekeninge sal betaal nie?

A Dubbelinskrywingsbeginsel
B Historiese koste beginsel
C Paringsbeginsel
D Omsigtigheidsbeginsel

## REKONSILIASIES

**6.** Watter faktore kan verskille tussen krediteure se rekeningstate en die besigheid se rekords veroorsaak?

A Foutiewe boekstawing van transaksies, tydsberekeningsverskille en bankfoute.
B Veranderinge in rentekoerse, fluktuasies in wisselkoerse en inflasie.
C Veranderinge in die kredietgradering van die onderneming, veranderings in die kredietvoorwaardes van die skuldeiser en 'n ekonomiese afswaai.
D Veranderinge in die bestuur van die onderneming, bedrog van werknemers en veranderinge in die eienaarskap van die onderneming.

**7.** Hoe kan 'n besigheid verseker dat sy krediteurerekonsiliasies akkuraat en betroubaar is?

A Dit kan slegs gedoen word as 'n onderneming rekeningkundige sagteware gebruik wat die krediteur se state outomaties rekonsilieer.
B Deur die besonderhede op die krediteur se state direk met die krediteure te verifieer.
C Deur interne kontroles te gebruik soos die verdeling van pligte en gereelde oudits.
D Deur sy rekeninge stiptelik te betaal en geskille met krediteure te vermy.

**8.** Watter van die volgende sal nie by 'n debiteurerekonsiliasie ingesluit word nie?

A Fakture wat aan debiteure uitgereik is.
B Betalings ontvang van debiteure.
C Uitstaande skuld van krediteure.
D Rente gehef op agterstallige skuld.

**9.** As die openingsaldo van 'n debiteur se rekening R5 000 was, die eindsaldo R7 000 en die totale betalings gedurende die maand ontvang R4 000 was, hoeveel is die totale bedrag van verkope wat gedurende die maand aan die debiteur gemaak is?

A R6 000
B R8 000
C R10 000
D R12 000

**10.** 'n Debiteur skuld R2 000 teen 'n rentekoers van 24% per jaar en die faktuur is 60 dae laat. Hoeveel rente is aan die einde van die 60 dae verskuldig?

A $2\ 000 \times \frac{24}{100} \times \frac{2}{12} + 2\ 000 \times \frac{24}{100} \times \frac{2}{12}$

B $2\ 000 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12} + 2\ 000 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12}$

C $2\ 000 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12} + 2\ 040 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12}$

D $2\ 000 \times \frac{24}{100} \times \frac{2}{12}$

## VASTE BATES, WAARDEVERMINDERING EN BATEVERKOPE

**11.** Wat is die doel van waardevermindering?

A Om die koste van 'n bate oor sy lewensduur te allokeer.
B Om die waarde van 'n bate tot nul te verminder.
C Om die billike markwaarde van 'n bate aan te teken.
D Om die waarde van 'n bate mettertyd te verhoog.

**12.** 'n Besigheid het 'n masjien vir R150 000 gekoop met 'n geskatte lewensduur van 8 jaar en geen reswaarde nie. Met behulp van die reguitlynmetode, wat is die jaarlikse waardeverminderingskoste?

A R18 000
B R15 000
C R18 750
D R12 750

**13.** 'n Besigheid het 'n masjien vir R100 000 gekoop met 'n lewensduur van 10 jaar en geen reswaarde nie. Met behulp van die reguitlynmetode vir depresiasie, wat is die drawaarde van die masjien na 4 jaar?

A R50 000
B R60 000
C R70 000
D R80 000

**14.** 'n Besigheid het 'n masjien vir R100 000 gekoop met 'n lewensduur van 5 jaar en geen reswaarde nie. Die masjien word jaarliks met R20 000 gedepresieer. Weens ekonomiese beperkings het die bestuur besluit om die masjien vir 'n 6de jaar te gebruik. Die drawaarde soos aangedui op die balansstaat aan die einde van jaar 5 sal ____ wees.

A R20 000
B R19 999
C R10 000
D R1

**15.** 'n Maatskappy het 'n masjien vir R150 000 gekoop. Waardevermindering word bereken teen 'n koers van 20% per jaar op drawaarde. Wat sal die boekwaarde van die masjien aan die einde van die derde jaar wees?

A R105 000
B R120 000
C R96 000
D R76 800

**VENNOOTSKAPPE**

**16.** Hoe sal jy Vennoot A opneem wat R100 000 in 'n vennootskap belê?

| | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer |
|---|---|---|
| A | Bank | Kapitaal - Vennoot A |
| B | Kapitaal - Vennoot A | Bank |
| C | Bank | Kapitaal |
| D | Kapitaal | Bank |

**17.** Hoe word die waarde van die eiendom in die vennootskap se boeke aangeteken indien 'n vennoot eiendom tot 'n vennootskap bydra?

A Op die vennoot se kostebasis.
B Teen die billike markwaarde.
C Teen 'n waarde wat deur die vennootskapsooreenkoms bepaal word.
D Die eiendom word nie op die vennootskap se boeke aangeteken nie.

**18.** Watter van die volgende is 'n voordeel van 'n vennootskap bo 'n eenmansaak?

A Beperkte aanspreeklikheid.
B Groter bestuursbeheer.
C Groter toegang tot kapitaal.
D Beperkte lewe.

**19.** 'n Vennootskap het drie vennote, X, Y en Z, met persentasie-aandele van onderskeidelik 40%, 30% en 30%. Die vennootskap se inkomste vir die jaar is R500 000. Watter vennoot het die grootste winsaandeel?

A Vennoot X
B Vennoot Y
C Vennoot Z
D Vennoot Y en Z

**20.** 'n Vennootskap het drie vennote, X, Y en Z, en hul kapitaalbydraes is onderskeidelik R180 000, R270 000 en R450 000. Wat is die persentasie eienaarskap van elke vennoot?

| | **Vennoot X** | **Vennoot Y** | **Vennoot Z** |
|---|---|---|---|
| A | 18 | 27 | 45 |
| B | 2 | 3 | 5 |
| C | 20 | 30 | 50 |
| D | 1.8 | 2.7 | 4.5 |

**21.** 'n Vennootskap het totale bates van R500 000, totale laste van R200 000, en vier vennote. Hoeveel ekwiteit moet elke vennoot bydra om 'n 25% eienaarskapsaandeel van die vennootskap te behou?

A R25 000
B R50 000
C R75 000
D R100 000

**22.** Watter van die volgende sal die doeltreffendste manier wees om 'n vennootskap se ekwiteit te verhoog?

A Leen geld om in nuwe toerusting te belê.
B Gebruik nuwe tegnologie.
C Verhoog wins.
D Betaal bestaande skuld af.

**23.** Beide Vennoot A en Vennoot B kry 'n maandelikse toelaag van R10 000 as salaris uit die vennootskap. Vennoot A het sy volle salaris vir die jaar geneem en Vennoot B het sy salaris vir 9 maande van die jaar geneem. Wat sal die effek op die betrokke rekeninge in die Algemene Grootboek wees?

A

| Salaris A | | Salaris B | |
|---|---|---|---|
| | 120 000 | | 120 000 |
| Onttrekkings A | | Onttrekkings B | |
| | 120 000 | | 90 000 |

B

| Salaris A | | Salaris B | |
|---|---|---|---|
| 120 000 | | 120 000 | |
| Onttrekkings A | | Onttrekkings B | |
| 120 000 | | 90 000 | |

C

| Salaris A | | Salaris B | |
|---|---|---|---|
| 120 000 | | 120 000 | |
| Onttrekkings A | | Onttrekkings B | |
| | | | |

D

| Salaris A | | Salaris B | |
|---|---|---|---|
| | 120 000 | | 120 000 |
| Onttrekkings A | | Onttrekkings B | |
| 120 000 | | 90 000 | |

**24.** Waarom verdien vennote rente op hul kapitaal?

A Om hulle te vergoed vir hul belegging.
B Om te betaal vir uitgawes aangegaan deur die besigheid.
C Om die bedrag belasting wat die onderneming skuld, te verminder.
D Om enige verliese wat deur die besigheid gely word, te dek.

**25.** Watter van die volgende metodes om winste te versprei, is die billikste in 'n vennootskap?

A 'n Gelyke verdeling van winste, ongeag belegging.
B 'n Verdeling van winste gebaseer op die aantal jare wat vennote saam in besigheid was.
C 'n Verdeling van winste gebaseer op die opleidingsvlak van elke vennoot.
D 'n Verdeling van winste gebaseer op die hoeveelheid kapitaal wat deur elke vennoot belê is.

**26.** Die primêre verdeling van winste in 'n vennootskap sluit in ______

A toelaes vir salarisse aan vennote asook winsdeling.
B toelaes vir salarisse, rente op kapitaal en bonusse aan vennote asook winsdeling.
C die verdeling van die netto wins van die onderneming op 'n voorafbepaalde wyse aan die vennote volgens die vennootskapsooreenkoms.
D toelaes vir salarisse, rente op kapitaal en bonusse aan vennote.

**Vennote A en B deel wins in die verhouding 4:3. Vennoot A verdien 'n salaris van R18 000 per maand en sy het 10 maande se salaris onttrek. Sy verdien ook 10% per jaar rente op haar kapitaal. Haar primêre verdeling beloop R268 000 en die finale verdeling R172 000. Beantwoord vrae 27 en 28.**

**27.** Hoeveel kapitaal het Vennoot A in die vennootskap belê?

A R216 000
B R268 000
C R520 000
D R880 000

**28.** Bereken die totale verdeling van winste aan vennoot B.

A R201 000
B R129 000
C R440 000
D R330 000

**29.** 'n Vennootskap het vir 3 agtereenvolgende maande, een maand voor die einde van die finansiële jaar, 'n advertensie in 'n plaaslike koerant uitgeneem. Watter een van die volgende is die korrekte aansuiwering wat op die laaste dag van die finansiële jaar in die Advertensierekening gemaak moet word?

A Debiteer die Advertensierekening met Vooruitbetaalde uitgawes.
B Krediteer die Advertensierekening met Vooruitbetaalde uitgawes.
C Debiteer die Advertensierekening met Opgelope uitgawes.
D Krediteer die Advertensierekening met Opgelope uitgawes.

**30.** 'n Vennootskap het drie vennote, A, B en C. Vennot B het dubbel die hoeveelheid kapitaal as A bygedra, en C het dubbel die kapitaalbedrag as B bygedra. Aan die einde van die jaar het die vennootskap 'n verlies gely en R20 000 van die verlies is aan A verdeel. Watter bedrag moet aan C verdeel word?

A R20 000
B R40 000
C R60 000
D R80 000

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Hoërskool Olimpiade

2021
www.proverto.co.za
Guiding the leaders of tomorrow

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 11

## Olimpiade Vraestel

## Ronde Twee

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 04 Aug 2021**



## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

# PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 11 REKENINGKUNDE

## RONDE 2

## VERSOENINGS

**1.** Hoe kan ‘n besigheid verseker dat ‘n krediteur se rekening korrek aangeteken is en sodoende dat die korrekte bedrag betyds betaal word?

i. Krediteurelys word maandeliks met die Krediteurekontrole rekening vergelyk om enige foute of weglatings op te spoor.
ii. Krediteuregrootboek rekening word maandeliks met die Krediteure se staat vergelyk om enige foute of weglatings op te spoor.
iii. Bestuurder kan lukrake steekproef uitoefen om krediteureklerke se werk na te gaan as deel van die kontroleproses.
iv. Verdeling van pligte in krediteure departement sal verseker dat een werker nie verantwoordelik is vir bestellings, ontvangstes, betalings en versoenings van krediteure rekeninge nie.

**Kies die beste interne kontrole opsies:**

**A** ii en iv
**B** i en ii
**C** i, ii en iv
**D** Al die bogenoemde

**2.** ‘n Terugsendings inskrywing ten opsigte van R670 vanaf ‘n debiteur is korrek in die Debiteure-afslagjoernaal aangeteken, maar foutiewelik na die verkeerde kant van die debiteur, M. Colin, se rekening oorgeboek.

**Watter aksie is nodig in die debiteure se versoeningsproses?**

**A** Debiteer R670 in die Debiteuregrootboek van die besigheid.
**B** Krediteer R670 in die Debiteuregrootboek en die Debiteurekontrolerekening van die besigheid.
**C** Debiteer R1 340 in die Debiteurekontrolerekening van die besigheid.
**D** Krediteer R1 340 in die Debiteuregrootboek van die besigheid.

**3.** ‘n Kredietsaldo van R320 op Spieth Winkels se rekening in die Debiteuregrootboek moet oorgedra word na sy rekening in die Krediteuregrootboek.

**Watter aksie is nodig in die versoeningsproses?**

| | **DEBITEUREVERSOENING** | | **KREDITEUREVERSOENING** | |
|---|---|---|---|---|
| | **DEBITEUREKONTROLE** | **DEBITEURELYS** | **KREDITEUREKONTROLE** | **KREDITEURELYS** |
| **A** | 320 | | (320) | |
| **B** | 320 | 320 | 320 | 320 |
| **C** | | 320 | | (320) |
| **D** | (320) | (320) | 320 | 320 |

**4.** Wanneer versoening gedoen word tussen die krediteure se grootboekrekening van 'n onderneming en die staat wat van die krediteur ontvang is, is afslag van R3 150 in die grootboek ontdek, maar nie op die staat nie. Na bespreking met die krediteur het hulle ingestem om slegs R2 150 se afslag toe te staan.

**Watter aksie word vereis in die krediteure se versoeningsproses?**

| | **KREDITEUREGROOTBOEK** | | **KREDITEUREVERSOENINGSTAAT** | |
|---|---|---|---|---|
| | **DEBIET** | **KREDIET** | **DEBIET** | **KREDIET** |
| **A** | | 1 000 | | 2 150 |
| **B** | | 1 000 | 2 150 | |
| **C** | 3 150 | | | 3 150 |
| **D** | | 2 150 | | 2 150 |

**5.** As gevolg van die vertraging in die pos is die rekening van Marrow Traders laat ontvang. Die rekenmeester het die betaling van R57 000 gemaak nadat hy die gebruiklike 5% korting wat vir vroeë betaling toegestaan word, in berekening gebring het.

Marrow Traders het egter laat weet dat die betaling sowel as die korting nie ontvang is of toegestaan word nie. In stede word daar 2,5% rente per maand vir 2 maande op die agterstallige bedrag gehef; hierdie was reeds op die krediteurestaat in berekening gebring. By nadere ondersoek het die besigheid gevind dat die betaling na die verkeerde krediteur se bankrekening oorgeplaas is.

**Watter aksie word vereis in die krediteure se versoeningsproses?**

| | **KREDITEUREGROOTBOEK** | | **KREDITEUREVERSOENINGSTAAT** | |
|---|---|---|---|---|
| | **DEBIET** | **KREDIET** | **DEBIET** | **KREDIET** |
| **A** | | 60 150 | | |
| **B** | | 57 000 | 57 000 | |
| **C** | | 59 850 | 2 850 | |
| **D** | | 63 000 | | |

**6.** Die proefbalans balanseer wanneer die debiteurekontrole se saldo daarby ingesluit word, maar dit balanseer nie as die totaal van die debiteurelys ingesluit word nie.

**Dit is duidelik dat die fout ...**

**A** in die debiteurekontrolerekening sowel as die debiteuregrootboek is.
**B** nie in die debiteurekontrolerekening of in die debiteuregrootboek is nie.
**C** in die individuele rekeninge van debiteure in die debiteuregrootboek is.
**D** in die debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek is.

**7.** Fire BPK het ongebruikte grond verkoop vir kontant teen kosprys om kontantvloeiprobleme op te los. Hierdie eiendom is deur Skyline Properties (EDMS) BPK gekoop. Die meerderheidsaandeelhouer van Skyline Properties (EDMS) BPK is Cathy Carreira, die vrou van Fire BPK se hoofuitvoerende beampte (HUB).

**As 'n interne ouditeur sou jy bekommerd wees oor die verkoop van die grond. Aan watter onetiese gedrag kan die uitvoerende hoof skuldig wees?**

**A** Nepotisme
**B** Fluitjieblaser
**C** Vervalsing
**D** Binnehandel

**8.** **Uittreksel uit die lys van saldo's op 28 Februarie:**

| | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| Eiendom, aanleg en toerusting | 5 180 000 | 3 450 000 |

- Waardevermindering vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021, R345 100.
- 'n Nuwe voertuig aangekoop gedurende die jaar vir R305 000.
- Masjienerie is verkoop teen drawaarde op 28 Februarie 2021 vir R120 800.

**Die besigheid het ook gedurende die jaar 'n nuwe stuk grond gekoop wat hulle wil ontwikkel. Wat was die aankoopsprys van die grond?**

**A** R1 425 000
**B** R1 569 100
**C** R1 730 000
**D** R1 890 900

**9.** **Uittreksel uit die lys van saldo's op 31 Mei:**

| | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| Toerusting | 875 000 | 650 000 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | 449 250 | 351 000 |

Op 31 Mei 2020 het die besigheid reeds die toerusting vir 4,5 jaar gebruik. Nuwe toerusting is aangekoop gedurende die jaar; geen toerusting is verkoop nie. Waardevermindering word op die kosprys metode bereken.

**Op watter datum is die nuwe toerusting aangekoop?**

**A** 1 Junie 2020
**B** 1 September 2020
**C** 1 Desember 2020
**D** 1 Mei 2021

**10.** **Wat is die doel van 'n bateregister?**

**A** Die grootboekrekeninge van bates toon elke individuele bate, daarom moet alle bates as 'n totale bedrag in die register getoon word.
**B** Dit help die besigheid om te sien op watter dae van die maand die bates gebruik is en vir hoe lank.
**C** Om net die historiese kosprys van alle bates wat gekoop is, te wys.
**D** Dit is deel van die interne kontrole proses van die besigheid om rekord van elke individuele bate te hou.

**11.** **Uittreksel uit die lys van saldo's op 30 September:**

| | **2021** | **2020** |
|---|---|---|
| Grond en geboue | R3 250 000 | R1 850 000 |
| Voertuie | R555 000 | R260 000 |
| Opgelope waardevermindering op voertuie | ? | R97 500 |

**Voertuie:**

- Op 1 Oktober 2020 het die besigheid twee identiese voertuie gehad wat oorspronklike op dieselfde dag aangekoop is.
- Op 1 Junie 2021 het die besigheid een van hul voertuie ingeruil teen drawaarde. Op dieselfde dag het die besigheid 'n nuwe voertuig aangekoop.
- Die besigheid skryf waardevermindering op voertuie af teen 15% op kosprys.

**Dui aan hoe die bogenoemde VASTE BATE inligting elkeen van die state sal beïnvloed.**

| | **INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2021** | **BALANSSTAAT OP 30 SEPTEMBER 2021** |
|---|---|---|
| **A** | R47 250 | R3 722 000 |
| **B** | R50 063 | R3 720 812 |
| **C** | R53 750 | R3 715 500 |
| **D** | R83 250 | R3 624 250 |

**12.** **Bestudeer die Bateverkope rekening.**

**BATEVERKOPE**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2021 Apr, 30 | Voertuie | 355 000 | 2021 Apr, 30 | Opgelope waardevermindering op voertuie | ? |
| | | | | Bank | ? |
| | | | | Verlies weens diefstal | 42 000 |

- Een van die besigheid se voertuie is oornag uit die perseel gesteel. Die versekering het laat weet dat hulle 75% van die drawaarde van die voertuig sal uitbetaal.

**Bereken die opgelope waardevermindering op voertuie op die dag van die diefstal.**

**A** R145 000
**B** R187 000
**C** R257 000
**D** R313 000

**13.** **As 'n interne ouditeur, watter maatreëls kan ingestel word om die vaste bates veilig te hou?**

i. Hou 'n gedetailleerde individuele vaste bateregister van elke bate.
ii. Doen dikwels lukrake steekproewe op die vaste bates om die nut daarvan te bepaal.
iii. Installeer sagteware in voertuie wat roetes en gebruik kan monitor.
iv. Werknemers wat die vaste bate gebruik, moet inteken deur van ‘n logboek gebruik te maak.
v. Installeer kamera’s in die voertuie wat bestuurders kan monitor.
vi. Hou die vaste bates snags agter slot en grendel.
vii. Moet nooit toelaat dat 'n werknemer 'n vaste bate huis toe neem vir persoonlike gebruik nie.

**Kies die beste opsie:**

**A** ii, iii, iv en v
**B** i, ii en iv
**C** i, iii, iv, vi en v
**D** Al die bogenoemde

## VENNOOTSKAPPE

**14.** **Bestudeer die uittreksel uit die Balansstaat:**

| | NOTA | |
|---|---|---|
| **BEDRYFSBATES** | | 1 150 200 |
| Voorraad | 4 | 520 000 |
| Handels- en ander ontvangbares | 5 | 389 200 |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 | 241 000 |

**Hoekom moet die bedryfsbates in hierdie spesifieke volgorde op die Balansstaat geplaas word?**

**A** Weens die alfabetiese volgorde.
**B** Weens die numeriese volgorde.
**C** Weens die likiditeits volgorde.
**D** Weens die volgorde van belangrikheid.

**15.** ‘n Daling in persentasie tussen brutowins op omset en bedryfswins op omset word hoofsaaklik veroorsaak deur…

**A** bedryfuitgawes.
**B** finansieringskoste (rente uitgawe).
**C** bedryfsinkomstes.
**D** terugsendings deur debiteure.

**16.** Solvensie is gelyk aan …

**A** bedryfskapitaal.
**B** totale bates.
**C** eienaarsbelang.
**D** totale laste.

**17.** Vaste deposito's wat verval en korttermyn gedeeltes van lenings is verskuif op die Balansstaat om beter akkuraatheid in ontleding van ... te bewerkstellig.

**A** solvensie
**B** likiditeit
**C** risiko
**D** rentabiliteit

**18.** **LENING EN RENTE**

Die volgende leningstaat is ontvang vanaf Nedbank:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2020 | ? |
| Terugbetalings (rente ingesluit) | ? |
| Rente gekapitaliseerd | ? |
| Saldo op 28 Februarie 2021 | 725 000 |

Na alle terugbetalings gedurende die huidige jaar is die saldo in die Lenings rekening, R680 000.

Gedurende die volgende finansiële jaar sal 'n terugbetaling van R48 000 op die kapitaalgedeelte van die lening gemaak word.

**Dui aan hoe die bogenoemde LENINGS EN RENTE inligting elke staat sal beïnvloed.**

| | **INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEB 2021** | **BALANSSTAAT OP 28 FEB 2021** | |
|---|---|---|---|
| | | **NIEBEDRYFSLASTE** | **BEDRYFSLASTE** |
| **A** | (R45 000) | R725 000 | R48 000 |
| **B** | (R68 000) | R680 000 | R48 000 |
| **C** | (R45 000) | R677 000 | R48 000 |
| **D** | (R48 000) | R632 000 | R48 000 |

**19.** **'n Besigheid het 'n totaal van R48 300 uitstaande debiteure aan die einde van die finansiële jaar, 30 April 2021.**

**Die volgende inskrywings moet nog in ag geneem word voordat die finansiële state op 30 April 2021 voorberei word.**

- Rente word gehef op agterstallige debiteure, R1 250.
- Debiteure met kredietsaldo's van R3 470 moet oorgeplaas word na die Krediteuregrootboek.
- 'n Debiteur is insolvent verklaar. Sy boedel het 75 sent in die rand uitbetaal. Die bedrag van R1 200 is ontvang en korrek aangeteken. Skryf die res van die rekening af.
- Voorsiening vir oninbare skulde (1 Mei 2020) beloop R2 280.
- Maak 5% voorsiening vir oninbare skulde.

**Bereken die voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering wat benodig word op 30 April 2021.**

**A** R4 uitgawe
**B** R135 uitgawe
**C** R291 uitgawe
**D** R351 uitgawe

WALTER SISULU UNIVERSITY

# Study with us.

CHOOSE FROM OVER

**170 PROGRAMMES**

IN OUR **7 FACULTIES** SITUATED IN THE EASTERN CAPE

**Applications open from 1 April 2024**

Kindly note that applications close on 31 October 2024 for SA applicants, and closes on 30 September 2024 for international applicants.

visit **www.wsu.ac.za** to

Apply >>>

You may also scan QR Code

@WalterSisuluUni

www.wsu.ac.za

WSU Walter Sisulu University

In pursuit of excellence

**20.** **UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 MAART 2021**

| | |
|---|---|
| **Handelsvoorraad** | **549 000** |

Die volgende transaksies is nog nie in berekening gebring nie:

- Die eienaar het handelsware geneem (verkoopprys, R3 500; kosprys, R2 000) vir sy eie gebruik.
- Op 20 Maart 2021 was daar 'n inbraak by die stoorkamer en baie voorraad word vermis. Die versekering stel die besigheid in kennis dat slegs 75% van die eis sal uitbetaal teen R65 250.
- 'n Fisiese voorraadopname gedoen op 31 Maart 2021 beloop R468 000.

**Kies die korrekte handelsvoorraad tekort/surplus aansuiwering wat benodig word op 31 Maart 2021.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | Handelsvoorraad tekort | Handelsvoorraad | - 13 750 | - 13 750 | 0 |
| **B** | Handelsvoorraad tekort | Handelsvoorraad | - 12 250 | - 12 250 | 0 |
| **C** | Handelsvoorraad | Handelsvoorraad surplus | + 8 000 | + 8 000 | 0 |
| **D** | Handelsvoorraad | Handelsvoorraad surplus | + 9 500 | + 9 500 | 0 |

**21.** **Bestudeer die onderstaande Versekeringsrekening verskaf.**

**VERSEKERING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Mrt | 1 | Vooruitbetaalde uitgawe | 2 080 | | | | |
| 2020 Jul | 1 | Bank | 3 276 | | | | |
| 2021 Jan | 1 | Bank | 3 480 | | | | |

Versekeringspremies word ses-maandeliks hersien, verhoog en vooruit betaal.

**Kies die korrekte versekeringsaansuiwering wat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 benodig word.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | Bank | Versekering | - 3 480 | - 3 480 | |
| **B** | Vooruitbetaalde uitgawe | Versekering | + 2 320 | + 2 320 | |
| **C** | Opgelope uitgawe | Versekering | | - 2 320 | + 2 320 |
| **D** | Vooruitbetaalde uitgawe | Versekering | + 1 160 | + 1 160 | |

**22.** **UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 APRIL 2021**

| | |
|---|---|
| **Huurinkomste** | **175 000** |

'n Gedeelte van die gebou word sedert 1 Mei 2012 verhuur. Die huur is met 10% verlaag vanaf 1 Januarie 2021. Volgens die huurooreenkoms moet die huur een maand vooruitbetaal word.

**Bereken die korrekte aansuiweringsbedrag wat verwyder moet word uit huurinkomste vir die jaar geëindig 30 April 2021.**

**A** R12 500
**B** R12 600
**C** R14 000
**D** R14 260

**23.** **Bestudeer die inligting uit die uittreksel verskaf:**

**INKOMSTESTAAT**

| | **2021** | **2020** |
|---|---|---|
| Verkope | 1 925 300 | 1 860 200 |
| Brutowins | 673 850 | 558 060 |
| Bedryfswins | 423 560 | 446 448 |
| Nettowins | 367 970 | 288 330 |

**BALANSSTAAT**

| | **2021** | **2020** |
|---|---|---|
| Kapitaal | ? | 2 450 000 |
| Privaatrekening | ? | 367 500 |
| Nie-bedryfslaste | 748 200 | 815 000 |
| Bedryfslaste | 39 710 | 42 300 |

Die skuld/ekwiteitsverhouding op 31 Maart 2021 is 0,24:1

**Bereken die persentasie opbrengs op gemiddelde vennotebelang vir die jaar geëindig 31 Maart 2021.**

**A** 10,5%
**B** 11,1%
**C** 11,8%
**D** 12,4%

**24.** Wat is die regte formule vir die persentasie opbrengs op vennoot Calitz se belang?

**A** $\frac{Calitz: Primêre\ winsdeling + Finale\ winsdeling}{½\ (Kapitaal: Calitz\ (begin\ van\ jaar) + Kapitaal: Calitz\ (einde\ van\ jaar))}\ x\ \frac{100}{1}$

**B** $\frac{Nettowins}{Vennootekwiteit}\ x\ \frac{100}{1}$

**C** $\frac{Calitz: Vennootsalaris + Rente\ op\ kapitaal + Vennootbonus + Finale\ winsdeling}{½\ (Ekwiteit: Calitz\ (begin\ van\ jaar) + Ekwiteit: Calitz\ (einde\ van\ jaar))}\ x\ \frac{100}{1}$

**D** $\frac{½(Calitz: Primêre\ winsdeling + Finale\ winsdeling)}{Ekwiteit: Calitz}\ x\ \frac{100}{1}$

**25.** **Bestudeer die finansiële aanwysers verskaf vanaf Hornbill Handelaars vir die jaar geëindig 31 Mei:**

| | **2021** | **2020** |
|---|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,1:1 | 3,7:1 |
| Vuurproefverhouding | 1,5:1 | 1,2:1 |
| Voorraadhoudingstydperk | 89 dae | 122 dae |
| Gemiddelde debiteure invorderingstydperk | 40 dae | 42 dae |
| Opbrengs op vennotebelang | 22% | 18% |
| Nettowins op verkope | 16,5% | 15% |

**Het die besigheid beter likiditeits besluite geneem gedurende 2021?**

i. Hornbill Handelaars het beter beheer oor hul debiteure in 2021 gehad, wat meer effektiewe bestuur van bedryfskapitaal aandui.
ii. Voorraadhoudingstydperk het verswak in 2021 en loop nou die risiko dat voorraad sal opdroog.
iii. Bedryfskapitaalverhouding is beter in 2021; 2020 se verhouding was te hoog, wat aandui dat fondse in voorraad vasgevang is.
iv. Opbrengs op vennotebelang het verbeter in 2021, wat dui op effektiewe kontant bestuur.
v. Hornbill Handelaars het verbeter in 2021 se netto wins op verkopepersentasie, wat meer effektiewe bedryfsdoeltreffendheid aandui.

**Kies die beste kombinasie.**

**A** ii
**B** i en iii
**C** iii, iv en v
**D** Al die bogenoemde

## KONTANTBEGROTINGS

**26.** Die doel van 'n geprojekteerde inkomstestaat is om ...

**A** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige ontvangstes en uitgawes om sodoende die toekomstige winste te bepaal.
**B** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige ontvangstes en betalings om sodoende die toekomstige kontant te bepaal.
**C** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige inkomstes en uitgawes om sodoende die toekomstige winste te bepaal.
**D** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige inkomstes en uitgawes om sodoende die toekomstige kontant te bepaal.

**27.** Die doel van 'n kontantbegroting is om ...

**A** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige ontvangstes en uitgawes om sodoende die toekomstige winste te bepaal.
**B** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige ontvangstes en betalings om sodoende die toekomstige kontant te bepaal.
**C** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige inkomstes en uitgawes om sodoende die toekomstige winste te bepaal.
**D** 'n vooruitskatting te gee van toekomstige inkomstes en uitgawes om sodoende die toekomstige kontant te bepaal.

**28.** **Bestudeer die volgende uittreksel uit ‘n Kontant begroting van Maart 2022 tot Mei 2022:**

| | MAART | APRIL | MEI |
|---|---|---|---|
| Vaste deposito: Standardbank (8% p.j.) | | ? | |
| Rente op vaste deposito | 2 130 | 2 130 | 1 860 |

Die beplande uitkeerdatum van ‘n gedeelte van die Vaste deposito is 30 April 2022.

**Hoeveel word begroot sal uitbetaal aan die besigheid van die vaste deposito op 30 April 2022?**

**A** R3 375
**B** R24 625
**C** R40 500
**D** R55 000

**29.** Watter rekening hoort nie op ‘n kontantbegroting nie?

**A** Kontantverkope
**B** Betaling aan krediteure
**C** Korting ontvang
**D** Verkoopsprys van kontant verkoopte bate

**30.** **Bestudeer die debiteure-invorderingskedule tot die kontantbegroting.**

- Vaste persentasies word gebruik vir die vooruitskatting.
- Korting van 5% word toegestaan vir ontvangstes in huidige maand se verkope.
- 2% van uitstaande skuld word na 60 dae afgeskryf.

| MAANDE | KREDIETVERKOPE | MAART | APRIL | MEI |
|---|---|---|---|---|
| Januarie | 380 000 | 45 600 | | |
| Februarie | 415 000 | 269 750 | 49 800 | |
| Maart | 600 000 | 119 700 | 390 000 | ? |
| April | ? | | 95 760 | ? |
| Mei | 436 000 | | | ? |
| **TOTAAL** | | **435 050** | **535 560** | **?** |

**Bereken die verwagte debiteure-invordering vir Mei.**

**A** R455 382
**B** R470 982
**C** R475 560
**D** R489 282

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

# Hoërskool Olimpiade

**2022**

www.proverto.co.za

*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 11



## Olimpiade Vraestel

## Ronde Twee

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 3 Augustus 2022**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

## VERSOENINGS/REKONSILIASIES

1. 'n Krediteure-rekonsiliasiestaat word gedoen deur te begin met die:

A openingsaldo van die rekeningstaat wat van die krediteur ontvang is.
B eindsaldo van die rekeningstaat wat van die krediteur ontvang is.
C eindsaldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek.
D eindsaldo van die Krediteure Rekening in die Krediteure Grootboek.

2. Die bankstaat wat ontvang is vir die maand wat op 30 April geëindig het, bevat 'n debietorder ten gunste van Eagle Versekeraars vir R1 250.00. Watter een van die volgende dui op die korrekte boekstawing hiervan deur die rekenmeester?

A Die rekenmeester moet geen inskrywing in die rekeningkundige rekords maak nie, aangesien die transaksie reeds weerspieël word in die bankstaat wat ontvang is.
B Die inskrywing moet in die KBJ aangeteken word deur 'n inskrywing in die Bankkolom sowel as in die Geldkolom van die Diverse-rekeninge vir versekering te maak.
C Die inskrywing moet in die Algemene Joernaal aangeteken word waar Versekering gedebiteer sal word en Rekeninge Betaalbaar gekrediteer moet word.
D Die rekenmeester moet die bank kontak omdat sy nie seker is of hierdie transaksie op die bankstaat weerspieël moet word of nie.

3. 'n EFO van R10 925 is op 30 Junie 2022 betyds aan 'n krediteur gemaak. Die rekenmeester het nie die transaksie in die rekeningkundige rekords van die onderneming aangeteken nie. Die krediteur laat korting van 5% op vroeë betalings toe. Die korrekte inskrywing op die Balansstaat gedateer 30 Junie 2022 sal wees:

A vermeerder Bank met R10 925 en verminder Krediteure met R10 925.
B verminder Bank met R10 925 en verminder Krediteure met R10 925.
C vermeerder Bank met R11 500 en verminder Krediteure met R11 500.
D verminder Bank met R10 925 en verminder Krediteure met R11 500.

4. 'n Kredietnota wat van 'n verskaffer ontvang is vir voorraad wat teruggestuur is, is uit die betrokke joernaal weggelaat. Dit sal 'n uitwerking hê op die:

A saldo van die Handelsvoorraadrekening sowel as die saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek.
B saldo's van die Handelsvoorraadrekening en die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Joernaal.
C saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek sowel as die lys van krediteure volgens die Krediteure Grootboek.
D saldo van die Handelsvoorraadrekening sowel as die saldo van die Krediteure Kontrolerekeninge in die Algemene Grootboek, sowel as die lys van krediteure volgens die Krediteure Grootboek.

## NIE-BEDRYFSBATES

5. By die berekening van waardevermindering met behulp van die verminderde saldometode:

A word ‘n konstante persentasie vermenigvuldig met 'n dalende boekwaarde.
B word ‘n dalende persentasie vermenigvuldig met 'n konstante boekwaarde.
C word ‘n konstante persentasie vermenigvuldig met die vorige jare se waardevermindering.
D word ‘n veranderlike persentasie vermenigvuldig met die vorige jare se waardevermindering.

6. Die Grond- en Gebouerekening sal al die volgende koste insluit, behalwe:

A die koste om die eiendom met water, riool en elektrisiteit te bedien.
B die boukoste van 'n omheining.
C die kommissie wat aan die eiendomsagente betaal is.
D die koste om die bestaande geboue te sloop voordat 'n nuwe gebou opgerig kan word.

7. Die boekwaarde van nie-bedryfsbates is gelyk aan die:

A billike waarde van die bates minus die historiese koste.
B bate se koste minus opgehoopte waardevermindering.
C vervangingskoste van die bates.
D historiese koste van die bates minus die huidige jaar se waardevermindering.

8. Toerusting wat R144 000 gekos en met opgehoopte waardevermindering van R120000, word vir R34 000 kontant verkoop. Die verkoop van die toerusting sal lei tot 'n:

A wins van R24 000.
B verlies van R24 000.
C wins van R10 000.
D verlies van R10 000.

9. Toerusting met 'n kosprys van R450 000 het 'n geskatte lewensduur van vier jaar. Waardevermindering word met die reguitlynmetode bereken. Aan die einde van die vierde jaar besluit die bestuur om die toerusting vir nog 'n jaar te gebruik. Hoeveel is die waardevermindering wat vir die VIERDE jaar aangeteken moet word?

A R90 000
B R112 500
C R89 999
D R112 499

10. B&D Vennote het twee-en-'n-half jaar gelede R80 000 vir 'n voertuig betaal. Opgehoopte waardevermindering op hierdie voertuig vir die twee-en-'n-half jaar is R50 000. Die voertuig is ingeruil op 'n nuwe voertuig en hierdie transaksie het 'n verlies met bateverkope van R5 000 tot gevolg gehad. Die ontbrekende inskrywing in die bateverkoperekening is:

A krediteer Bateverkope met Krediteurekontrole R25 000.
B krediteer Bateverkope met Krediteurekontrole R35 000.
C debiteer Bateverkope met Debiteurekontrole R25 000.
D debiteer Bateverkope met Debiteurekontrole R35 000.

## VENNOOTSKAPPE

11. Die volgende is transaksies wat verband hou met 'n vennootskap:

(i) Bykomende kapitaal belê deur een of meer van die vennote.
(ii) 'n Vermindering van kapitaal deur een of meer van die vennote.
(iii) Die wins of verlies vir die huidige finansiële periode.
(iv) Kontant onttrekkings deur een of meer van die vennote.
(v) Totale kontantontvangstes en -betalings vir die jaar soos aangeteken in die joernale.

Watter kombinasie sal nie 'n verandering in die kapitaal van die vennootskap veroorsaak nie?

A (i) en (ii)
B (ii) en (iv)
C (iii) en (v)
D (iii), (iv) en (v)

12. Alex, Dana en Taylor het as vennote begin handel dryf. Hul kapitaalbydraes was onderskeidelik R200 000, R200 000 en R100 000. Die vennootskapsooreenkoms is mondelings aangegaan. Aan die einde van die eerste jaar het die onderneming 'n wins van R420 000 gemaak. Hoe moet die wins onder Alex, Dana en Taylor verdeel word?

A Elkeen van hulle moet 'n gelyke deel van die R420 000 ontvang.
B Aangesien daar geen skriftelike ooreenkoms is nie, kan nie een van hulle in die wins deel nie.
C Die wins moet in dieselfde verhouding as hul kapitaalbydraes verdeel word.
D Die wins moet deur die vennootskap behou word, 'n skriftelike ooreenkoms moet onderteken word waarna die wins onder die vennote verdeel moet word.

13. Vennote A, B en C het geen vennootskapsooreenkoms nie. Vennote A, B en C is geregtig op:

A 'n jaarlikse salaris.
B rente op kapitaal.
C kommissie.
D 'n aandeel in die winste.

14. Vennootskap DEF word insolvent verklaar. Die vennootskap het R60 000 se bates en totale laste van R180 000. Watter een van die volgende beskryf die effek van die ontbinding van die vennootskap die beste?

A Daar is geen rede vir die vennootskap om ontbind te word nie, en daarom sal die besigheid voortgaan.
B Die vennote sal waarskynlik 'n nuwe onderneming begin.
C Die vennote sal persoonlik aanspreeklik wees vir die skuld van die vennootskap.
D Die vennote sal kwytgeskeld word van enige verpligting om die skuld van die vennootskap te betaal.

15. Wat is die huidige inkomstebelastingkoers vir vennootskappe?

A BTW van 15% is betaalbaar op alle betaalbare items.
B 28% inkomstebelasting op die netto wins van die vennootskap.
C 28% inkomstebelasting op die omset van die vennootskap.
D 0% aangesien die vennote inkomstebelasting op hul winsaandeel sal betaal.

16. Vennote A en B is geregtig op 10% rente op kapitaal volgens hulle ooreenkoms. Albei vennote se kapitaalrekeninge toon 'n saldo van R500 000. Die rente op kapitaal sal:

A voorsien word uit die winste van die huidige jaar.
B voorsien word uit die opgehoopte winste uit vorige boekjare.
C as uitgawe in die Inkomstestaat van die vennootskap getoon word.
D gekapitaliseer word teen die individuele kapitaalrekeninge van die vennote.

17. Inskrywings vir vennote se salarisse, onttrekkings, rente op kapitaal- en winsdele word aangeteken in die:

A kapitaalrekeninge van vennote.
B lopende rekeninge van vennote.
C relevante uitgawerekeninge van vennote.
D Wins- en verliesrekening van die vennootskap.

18. A en B is gelyke winsdelingsvennote in Vennootskap AB. A se kapitaal is R100 000 en B se kapitaal is R60 000. Rente is betaalbaar teen 6% per jaar en B is verder geregtig op 'n jaarlikse salaris van R36 000. Wins vir die jaar na rente en salaris betaal aan B is R54 000. Die wins sal tussen A en B verdeel word as:

| | Winsdeel A | Winsdeel B |
|---|---|---|
| A | 27 000 | 27 000 |
| B | 27 000 | 42 600 |
| C | 33 000 | 27 000 |
| D | 33 000 | 66 600 |

19. Drie vennote A, B, C begin 'n besigheid. Vennoot B het vier keer die kapitaal bygedra wat Vennoot C bygedra het. Vennoot A het een-en-'n-half keer die kapitaal bygedra wat Vennoot B bygedra het. Aan die einde van die eerste boekjaar is die netto wins, nadat die primêre verdeling gedoen is, korrek bereken as R165 000. Die finale winsaandeel wat aan Vennoot B betaal sal word, is:

A R90 000.
B R60 000.
C R16 500.
D R15 000.

20. Vennoot A en Vennoot B deel winste en verliese in 'n verhouding van 4: 1. Mnr. Carlson is 'n bestuurder wat in die vennootskap werk. Mnr. Carlson ontvang 'n maandelikse salaris van R2 000. Daarbenewens ontvang mnr. Carlson ook 'n kommissie van 5% op netto winste NADAT die kommissie bereken is. Wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 is korrek as R339 000 bereken voordat die salaris van mnr. Carlson in berekening gebring is. Bereken die totale vergoeding van mnr. Carlson vir die jaar wat op 28 Februarie 2022 geëindig het.

A R24 000.
B R39 000.
C R15 000.
D R16 950.

## ANALISE EN INTERPRETASIE

21. Watter een van die volgende beskryf nie die doel van die ontleding van finansiële state nie?

A Ten einde die huidige en vorige prestasie van die vennootskap te evalueer.
B Om redes vir veranderinge in die winsgewendheid van 'n vennootskap te identifiseer.
C Ten einde inligting wat deur die gebruikers van finansiële state vereis word vir insiggewende besluitneming, te verskaf.

D Om toekomstige ontvangtes en betalings en die gevolglike surplus of tekorte aan kontant in die vennootskap, te voorspel.

22. Watter een van die volgende word nie gesien as 'n eksterne gebruiker van inligting wat verkry is uit die ontleding van die finansiële state van 'n vennootskap nie?

A Potensiële verskaffers van die vennootskap.
B Krediteure van die vennootskap.
C Besturende vennote van die vennootskap.
D Finansiële instellings wat lenings verskaf.

23. Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Vennootskap AB op 30 Junie 2022:

| | **30 Junie 2022** | **30 Junie 2021** |
|---|---:|---:|
| Vennote-ekwiteit | 3 446 000 | 2 940 000 |
| Nie-bedryfsbates | 3 282 000 | 2 328 000 |
| Bedryfsbates | 800 000 | 1 488 000 |
| Bedryfslaste | 436 000 | 276 000 |
| Nie-bedryfslaste | 134 000 | 478 000 |
| Bruto wins | 2 028 000 | 1 798 000 |
| Netto wins | 626 000 | 747 000 |

Bereken die opbrengs op ekwiteit vir 2022.

A 21.29%
B 18.16%
C 19.61%
D 23.39%

24. 'n Vennoot wil bepaal of die vennootskap die kontantvloei het om die betalings te bekostig as hulle 'n lening uitneem. Watter verhoudingsyfer sal hy gebruik om die nodige inligting te bekom?

A Opbrengs op ekwiteit.
B Rathefboomverhouding.
C Likiditeitsverhouding.
D Winsgewendheidsverhouding.

25. YDM Traders, 'n vennootskap bestaande uit Vennoot Y, Vennoot D en Vennoot M, het 'n totale kapitaalsaldo van R120 000 op 1 Januarie 2021. Bykomende kapitaalbeleggings vir die jaar wat op 31 Desember 2021 geëindig het, het R40 000 beloop en totale onttrekkings vir al drie vennote vir die ooreenstemmende tydperk het R80 000 beloop. Die netto inkomste vir die jaar is korrek bereken as R100 000. Die eindsaldo's van die vennote se kapitaalrekeninge is in verhouding 4:2:4.

Bereken die onderskeie eindsaldo's van die kapitaalrekeninge van elk van die vennote op 31 Desember 2021.

| | Y | D | M |
|---|---|---|---|
| A | R80 000 | R40 000 | R80 000 |
| B | R90 000 | R45 000 | R90 000 |
| C | R64 000 | R32 000 | R64 000 |
| D | R136 000 | R68 000 | R136 000 |

## KONTANTBEGROTINGS

26. Die volgende inligting is geneem uit Zia Hair Emporium vir die maand wat op 31 Julie 2022 geëindig het:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Julie 2022: | R120 000 |
| Kontantontvangste: | R108 000 |
| Kontantbetalings: | R? |
| Saldo op 31 Julie 2022: | R100 000 |

Die totale kontantbetalings vir Julie 2022 was:

A R20 000.
B R8 000.
C R128 000.
D R228 000.

27. 'n Kontantbegroting vir die ses maande geëindig op 30 September 2022 toon 'n verwagte oortrokke rekening van ongeveer R9 500. Watter van die volgende sal die verwagte oortrekking verminder?

A Om kliënte twee maande, in plaas van een maand se krediet toe te laat.
B Aankope word in kontant gedoen, in plaas van een maand se krediet.
C Bereken waardevermindering op vaste bates teen 25% op die reguitlynbasis, eerder as 20%.
D Bates word gehuur, eerder as om dit kontant aan te koop.

28. Vennootskap AB het op 1 Januarie 2022 'n banksaldo van R60 000 gehad. 'n Uittreksel van 'n kontantbegroting word verskaf.

| | **Januarie 2022** | **Februarie 2022** | **Maart 2022** |
|---|---|---|---|
| Netto kwitansies/(betalings) | (R72 000) | (R43 000) | R37 000 |

Aan die einde van Maart 2022 sal Vennootskap AB:

A geen oortrokke fasiliteit benodig nie.
B 'n oortrokke fasiliteit van R18 000 benodig.
C 'n gunstige banksaldo van R37 000 toon.
D 'n oortrokke fasiliteit van R78 000 benodig.

29. Geprojekteerde kredietverkope vir Vennootskap AB word hieronder getoon:

| | **Januarie 2022** | **Februarie 2022** | **Maart 2022** |
|---|---|---|---|
| Geprojekteerde kredietverkope | R600 000 | R900 000 | 500 000 |

20% van 'n maand se verkope word in die maand van verkope ingesamel. Nog 70% word in die maand na die maand van verkope ingesamel en die oorblywende 10% word in die tweede maand na die maand van verkope ingesamel. Oninbare skuld is weglaatbaar en kan geïgnoreer word. Bereken die verwagte kontantontvangste van debiteure vir Maart 2022.

A R790 000
B R590 000
C R650 000
D R560 000

30. Watter een van die volgende sal die kontant wat op die laaste dag van 'n maand beskikbaar is, verminder?

A Besteding wat gekapitaliseer word.
B Waardevermindering.
C Voorsiening vir slegte skuld.
D Opgelope uitgawes.

---

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Hoërskool Olimpiade

2023

www.proverto.co.za

Guiding the leaders of tomorrow

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 11



**Olimpiade Vraestel**

**Ronde Twee**

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 2 Augustus 2023**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 3 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 3 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

# REKENINGKUNDE GR 11 – RONDE 2 - 2023

## REKONSILIASIES

1 Wat is die doel van 'n krediteurerekonsiliasie?

A Om die akkuraatheid van die rekeningstaat wat vanaf 'n verskaffer ontvang is, te verifieer.
B Om die kredietwaardigheid van die verskaffer te bepaal.
C Om die bankbalans van die verskaffer na te gaan.
D Om die BTW-bedrag verskuldig aan SAID te bereken.

2 Antelope Traders het 'n rekeningstaat vir R6 500 van Aardvark Bpk. ontvang. Die Krediteure Grootboek van Antelope Traders het 'n bedrag verskuldig aan Aardvark Bpk. van R6 200 getoon. Nadat die transaksiegeskiedenis nagegaan is, is ontdek dat Aardvark Holdings betaal is en nie Aardvark Bpk. nie. Wat is die gekorrigeerde saldo van Aardvark Bpk. in die Krediteure Grootboek van Antelope Traders en watter interne beheermaatreël moet geïmplementeer word om hierdie tipe foute in die toekoms te voorkom?

| | Gekorrigeerde saldo | Interne beheermaatreël om foute in die toekoms te voorkom |
|---|---|---|
| A | R6 800 | Implementeer 'n stelsel om krediteuretransaksies intyds op te neem om te voorkom dat foute ophoop. |
| B | R5 900 | Implementeer 'n stelsel van dubbelkontrolering van betalings om te verseker dat dit aan die korrekte krediteur gemaak word. |
| C | R6 200 | Implementeer 'n stelsel om die akkuraatheid van krediteurerekeninge te verifieer. |
| D | R6 500 | Implementeer 'n stelsel om rekeningstate vanaf krediteure ontvang meer gereeld met die maatskappy se krediet te rekonsilieer. |

3 Hoe moet die besigheid sy rekords aanpas op die laaste dag van die finansiële jaar indien 'n besigheid 'n betaling aan 'n krediteur in sy boeke aangeteken het, maar die krediteur nog nie die betaling ontvang het nie?

A Debiteer die krediteur se rekening en krediteer die bankrekening.
B Debiteer die bankrekening en krediteer die krediteur se rekening.
C Debiteer die krediteur se rekening en krediteer die opgelope uitgawerekening.
D Debiteer die opgelope uitgawerekening en krediteer die krediteur se rekening.

4 Watter van die volgende stappe moet 'n maatskappy neem om te verseker dat sy krediteurerekonsiliasiestaat akkuraat is?

A Vergelyk die rekonsiliasie met vorige maande se rekonsiliasies om enige teenstrydighede te identifiseer.
B Laat 'n ander werknemer elke maand die rekonsiliasie doen.
C Huur 'n derdeparty-ouditeur om die rekonsiliasie uit te voer.
D Gebruik rekeningkundige sagteware wat die rekonsiliasie outomatiseer.

## VASTE BATES

5 Vaste bate vervreemding kan die beste beskryf word as die proses van _____

A die verkryging van 'n nuwe bate.
B die wegdoen met 'n bestaande bate.
C die aanteken van waardeverminderingskoste.
D die waardering van bates teen markprys.

6 'n Besigheid verkoop toerusting vir R5 000. Die toerusting is vir R10 000 aangekoop en het totale opgelope waardevermindering van R6 000. Bereken die wins of verlies wat met die verkoop van bates gemaak is.

A R1 000 wins
B R1 000 verlies
C R4 000 wins
D R4 000 verlies

7 Watter EEN van die volgende beskryf die verlies met die verkoop van bates die beste?

A Die verskil tussen die boekwaarde en die markwaarde van 'n bate ten tyde van bateverkope.
B Die koste van 'n bate minus die opgehoopte waardevermindering van die bate ten tyde van bateverkope.
C Die totale waardeverminderingskoste wat vir 'n bate oor sy lewensduur aangeteken is.
D Die totale koste van 'n bate, insluitend enige herstelwerk of onderhoudskoste.

8 'n Maatskappy het 'n masjien vir R20 000 gekoop met 'n verwagte lewensduur van 4 jaar en 'n reswaarde van R0. As die maatskappy die verminderde saldometode van waardevermindering gebruik, wat sal die boekwaarde van die bate aan die einde van die tweede jaar wees?

A R15 000
B R16 000
C R11 250
D R10 000

## KONTANTBEGROTINGS

9 Wat is die doel van 'n kontantbegroting?

A Dit stel die onderneming in staat om sy maandelikse verkope en uitgawes na te gaan.
B Dit help om die besigheid se winste en verliese te bereken.
C Dit stel die onderneming in staat om sy verkoopsinkomste te verhoog en te verseker dat hy genoeg voorraad voorhande het.
D Dit toon die kontantinvloei en -uitvloei en help om toekomstige kontantbehoeftes te identifiseer.

10 Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n item wat nie by 'n kontantbegroting ingesluit sal word nie?

A Betaling van rekeninge betaalbaar.
B Kontant aankope van toerusting.
C Invordering van rekeninge ontvangbaar.
D Waardeverminderingskoste.

11 Jolly Jumpers se bankrekening toon 'n positiewe saldo van R149 000 op die laaste dag van die maand. Hul totale kontantontvangste vir die maand was R241 000 en die totale kontantbetalings R212 000. Hoeveel kontant het hulle op die eerste dag van die maand in die bank gehad?

A R120 000
B R29 000
C R178 000
D R63 000

12 Beetle Juice begroot vir 'n toename in diverse uitgawes van 10% op 'n maand-tot-maand basis. Die begrote bedrag vir Maart 2023 was R13 310. Wat was die begrote bedrag vir Januarie 2023?

A R10 000
B R11 000
C R11 979
D R12 100

## AARP EN IFRS

13 Bison Bakkery koop 'n stuk toerusting vir R100 000. Watter van die volgende rekeningkundige beginsels vereis dat die onderneming die toerusting teen sy koopprys aanteken?

A Paringsbeginsel.
B Historiese kostebeginsel.
C Inkomste-erkenningsbeginsel.
D Wesenlikheidsbeginsel.

14 Kameelkampeerders ontvang R5 000 kontant van 'n kliënt vir dienste wat in die toekoms gelewer sal word. Watter van die volgende rekeningkundige beginsels vereis dat die maatskappy die inkomste uitstel totdat die dienste gelewer is?

A Paringsbeginsel.
B Historiese kostebeginsel.
C Inkomste-erkenningsbeginsel.
D Wesenlikheidsbeginsel.

15 Watter van die volgende beskryf die wesenlikheidsbeginsel in rekeningkunde die beste?

A Finansiële state moet die finansiële posisie en prestasie van die onderneming akkuraat weerspieël.
B Finansiële state moet konsekwent van een periode na die volgende opgestel word.
C Slegs toepaslike en belangrike inligting hoef in die finansiële state bekend gemaak te word.
D Alle finansiële transaksies moet in die finansiële state aangeteken word.

16 Watter van die volgende beskryf die beginsel van omsigtigheid in rekeningkunde die beste?

A Bates moet teen hul billike markwaarde aangeteken word.
B Laste moet teen hul historiese koste aangeteken word.
C Inkomste moet erken word wanneer dit verdien word, ongeag of betaling ontvang is.
D Uitgawes moet erken word sodra dit waarskynlik is en winste moet slegs erken word wanneer dit realiseer.

**VENNOOTSKAPPE: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING, ALGEMENE GROOTBOEK, VERDELING VAN WINSTE, FINALE REKENINGE, FINANSIëLE STATE, ANALISE EN INTERPRETASIE**

17 Fox en Wolf begin 'n vennootskap. Watter een van die volgende is nie 'n goeie voorbeeld van 'n kapitaalbydrae tot die vennootskap nie?

A Nie-bedryfsbates.
B Bedryfsbates.
C Bied dienste aan.
D Rekeninge betaalbaar.

18 A, B en C het die keuse om R10 000 kontant by te dra, 'n stuk onontwikkelde grond ter waarde van R15 000, of IT-dienste ter waarde van R20 000. Watter opsie dink jy sal die beste wees om 'n koffiewinkel oop te maak?

A Kontant bydra, want dit is die maklikste om te waardeer en bied onmiddellike likiditeit vir die vennootskap.
B Eiendom by te dra, omdat dit moontlik mettertyd in waarde kan vermeerder en 'n langtermynvoordeel vir die vennootskap kan bied.
C IT-dienste by te dra, omdat dit geen kostes vir die vennootskap tot gevolg het nie en waardevolle vaardighede of kundigheid tot die vennootskap kan bydra.
D Nie een van bogenoemde nie, aangesien die vennootskap nie een hiervan as bates nodig het nie.

19 As 'n vennootskapsooreenkoms spesifiseer dat winste en verliese volgens kapitaalbydraes onder vennote verdeel sal word en die vennootskap het R1 400 000 in winste vir die jaar verdien, hoeveel sal elke vennoot ontvang as Ant dubbel die kapitaal belê het as Bat en Bat dubbel die kapitaal belê het as Cat?

| | Ant | Bat | Cat |
|---|---|---|---|
| A | 800 000 | 400 000 | 200 000 |
| B | 466 667 | 466 667 | 466 667 |
| C | 1 400 000 | 700 000 | 350 000 |
| D | 700 000 | 350 000 | 175 000 |

20 Vennoot A dra 'n gebou ter waarde van R500 000 by as deel van sy kapitaalbydrae tot 'n vennootskap, terwyl Vennoot B kontant ter waarde van R500 000 bydra. Wat is die korrekte inskrywing?

| | Vennoot A | | Vennoot B | |
|---|---|---|---|---|
| | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer |
| A | Geboue A | Kapitaal A | Bank B | Kapitaal B |
| B | Geboue | Kapitaal A | Bank | Kapitaal B |
| C | Geboue | Kapitaal | Bank | Kapitaal |
| D | Kapitaal A | Geboue | Kapitaal B | Bank |

**'n Vennootskapsooreenkoms lees as volg:**

**(i) Kapitaal van vennote op 1 Maart 2022:**
**Vennoot A R300 000**
**Vennoot B R500 000**

**(ii) Vennootskap salarisse per jaar:**
**Vennoot A R60 000**
**Vennoot B R40 000**

**(iii) Rente op kapitaal teen 6% per jaar.**

**(iv) Bonus**
**Vennoot A R30 000**
**Vennoot B R50 000**

**Beantwoord Vrae 21 – 24.**

21 Hoe sal die salarisse van die vennote die netto wins van die vennootskap beïnvloed?

A Dit sal aangeteken word as 'n uitgawe op die Inkomstestaat.
B Dit sal aangeteken word as 'n uitgawe in die Wins- en Verliesrekening.
C Dit sal aangeteken word as 'n bedryfslas in die Balansstaat.
D Dit sal aangeteken word as 'n vermindering van die netto wins wat beskikbaar is vir finale verdeling.

22 Vennoot A het 9 maande se salaris geneem. Wat sal die effek hiervan wees?

A Die Salarisrekening sal gedebiteer word met R60 000 en die Onttrekkingsrekening en die Lopende Rekening: A sal onderskeidelik met R45 000 en R15 000 gekrediteer word.
B Debiteer Onttrekkings: A met R45 000 en krediteer Bank met R45 000.
C Lopende rekening: A sal met R15 000 verhoog aangesien R60 000 as salaris toegeken word en R45 000 as 'n onttrekking geneem word.
D Die Bankrekening sal gedebiteer word met R45 000, Onttrekkings sal gekrediteer word met R60 000 en Lopende Rekening: A sal met R15 000 gedebiteer word.

23 Vennoot A het 'n bykomende kapitaalbydrae van R100 000 gemaak en Vennoot B 'n bykomende kapitaalbydrae van R150 000 op 1 September 2022. Wat is die totale rente-uitgawe vir die jaar?

A 52 500
B 54 250
C 56 750
D 55 500

24 Terwyl die winsdeling onder die vennote voltooi is, het die rekenmeester besef dat die wins vir die jaar nie die bepalings van die ooreenkoms dek nie, aangesien die vennootskap nie 'n groot genoeg netto wins gemaak het nie. Hy het 'n paar voorstelle gemaak:

Voorstel 1: Volg die vennootskapsooreenkoms en doen alle toekennings volgens die ooreenkoms.
Voorstel 2: Ken die netto wins toe deur te begin met die volgorde van die vennootskaps-ooreenkoms totdat die netto wins vir die jaar klaar verdeel is en stop dan.
Voorstel 3: Moenie vanjaar enige wins verdeel nie.
Voorstel 4: Verander die vennootskapsooreenkoms, bv. rente van 2% in plaas van 6%.

Watter voorstel dink jy is die beste oplossing vir hierdie probleem?

A Voorstel 1
B Voorstel 2
C Voorstel 3
D Voorstel 4

25 Watter een van die volgende sal nie tot die ontbinding van 'n vennootskap lei nie?

A Onderlinge ooreenkoms van alle vennote.
B Dood of bankrotskap van 'n vennoot.
C Ly 'n verlies vir die finansiële jaar.
D Die oordrag van eienaarsbelang aan 'n nuwe vennoot.

**Die volgende inligting is geneem uit die balansstaat van ABC Vennootskap vanaf 28 Februarie 2022, die laaste dag van die finansiële jaar:**

| | |
|---|---|
| **Bedryfsbates** | **R150 000** |
| **Nie-bedryfsbates** | **R120 000** |
| **Bedryfslaste** | **R70 000** |
| **Langtermynlaste** | **R100 000** |
| **Vennoot se ekwiteit** | **R150 000** |

**Beantwoord Vrae 26 en 27.**

26 Bereken die bedryfsverhouding van ABC Vennootskap.

A 2.1 : 1
B 0.7 : 1
C 1.2 : 1
D 1.5 : 1

27 Bereken die skuld-ekwiteitsverhouding vir ABC Vennootskap.

A 0.7 : 1
B 1.5 : 1
C 1.6 : 1
D 0.6 : 1

28 Watter van die volgende stellings beskryf die beste waarom die ontleding van finansiële state belangrik is vir vennootskappe?

A Dit help die vennote om hul individuele winsdele te bepaal.
B Dit stel die vennootskap in staat om aan belastingregulasies te voldoen.
C Dit bied 'n manier om die finansiële prestasie van die vennootskap te monitor.
D Dit help die vennootskap om befondsing van beleggers te bekom.

29 Wat is 'n moontlike rede vir 'n vennootskap se dalende winsmarge gebaseer op sy finansiële state?

A ‘n Toename in bedryfsuitgawes.
B ‘n Afname in die koste van verkoopte goedere.
C ‘n Toename in inkomste.
D Al bogenoemde.

30 Watter van die volgende finansiële verhoudings is die nuttigste vir die beoordeling van 'n vennootskap se likiditeitsposisie?

A Bedryfskapitaalverhouding.
B Skuld-ekwiteit-verhouding.
C Opbrengs op vennootbelangverhouding.
D Bruto winsmarge verhouding.

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

NATIONAL HIGH SCHOOL OLYMPIAD
NASIONALE HOëRSKOOL OLIMPIADE
www.proverto.co.za

# ROUND 1 RONDE

**GR 11 MEMO**

**MEMORANDUM 2021**

| ANSWER | LOWER LEVEL | MODERATE LEVEL | HIGHER LEVEL |
|---|---|---|---|

## ACCOUNTING / REKENINGKUNDE

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Lower Level | | | |
| 2. | | Lower Level | | |
| 3. | | | | Lower Level |
| 4. | | | | Lower Level |
| 5. | | | Lower Level | |
| 6. | | | Moderate Level | |
| 7. | | Lower Level | | |
| 8. | | | | Moderate Level |
| 9. | Moderate Level | | | |
| 10. | | | | Moderate Level |
| 11. | | | Moderate Level | |
| 12. | | | | Higher Level |
| 13. | | Higher Level | | |
| 14. | | | Moderate Level | |
| 15. | | | Moderate Level | |

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 16. | | Higher Level | | |
| 17. | | | Higher Level | |
| 18. | | | Higher Level | |
| 19. | | | Moderate Level | |
| 20. | | | Lower Level | |
| 21. | | | | Lower Level |
| 22. | Higher Level | | | |
| 23 | Lower Level | | | |
| 24. | | Lower Level | | |
| 25. | | Higher Level | | |
| 26. | | Lower Level | | |
| 27. | | Lower Level | | |
| 28. | | | | Lower Level |
| 29. | | | Higher Level | |
| 30. | | Higher Level | | |

# ROUND 2 RONDE

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 1. | | | | Lower Level |
| 2. | | | | Higher Level |
| 3. | | Moderate Level | | |
| 4. | Moderate Level | | | |
| 5. | | | | Moderate Level |
| 6. | | | Moderate Level | |
| 7. | Moderate Level | | | |
| 8. | | | | Higher Level |
| 9. | | Higher Level | | |
| 10. | | | | Lower Level |
| 11. | | | Higher Level | |
| 12. | | Higher Level | | |
| 13. | | | | Moderate Level |
| 14. | | | Moderate Level | |
| 15. | Moderate Level | | | |

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 16. | | | Lower Level | |
| 17. | | Moderate Level | | |
| 18. | | | Higher Level | |
| 19. | | | | Higher Level |
| 20. | | | Higher Level | |
| 21. | | Moderate Level | | |
| 22. | | Higher Level | | |
| 23 | | | | Moderate Level |
| 24. | | | Higher Level | |
| 25. | | Moderate Level | | |
| 26. | | | Lower Level | |
| 27. | | Lower Level | | |
| 28. | | | Higher Level | |
| 29. | | | Lower Level | |
| 30. | | Higher Level | | |

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

olympiads@proverto.co.za 2022 www.proverto.co.za

NATIONAL HIGH SCHOOL OLYMPIAD NASIONALE HOëRSKOOL OLIMPIADE



# MEMORANDUM
# R2

## ACCOUNTING GR 11 REKENINGKUNDE

| No | Answer | Level |
|---|---|---|
| 1 | B | |
| 2 | B | |
| 3 | D | |
| 4 | D | |
| 5 | A | |
| 6 | C | |
| 7 | B | |
| 8 | C | |
| 9 | D | |
| 10 | A | |

| No | Answer | Level |
|---|---|---|
| 11 | D | |
| 12 | C | |
| 13 | D | |
| 14 | C | |
| 15 | D | |
| 16 | A | |
| 17 | B | |
| 18 | D | |
| 19 | B | |
| 20 | B | |

| No | Answer | Level |
|---|---|---|
| 21 | D | |
| 22 | C | |
| 23 | C | |
| 24 | C | |
| 25 | C | |
| 26 | C | |
| 27 | D | |
| 28 | B | |
| 29 | A | |
| 30 | A | |

## GRADE 11 GRAAD

## ROUND ONE MEMORANDUM RONDE EEN

## ACCOUNTING / REKENINGKUNDE

1 **A** B C D
2 A **B** C D
3 A B **C** D
4 A B **C** D
5 A B C **D**
6 A B C **D**
7 **A** B C D
8 A **B** C D
9 A B **C** D
10 A B **C** D
11 A **B** C D
12 **A** B C D
13 A **B** C D
14 A B C **D**
15 **A** B C D
16 A B **C** D
17 A B **C** D
18 **A** B C D
19 **A** B C D
20 **A** B C D
21 A B **C** D
22 **A** B C D
23 A B C **D**
24 A B **C** D
25 **A** B C D
26 **A** B C D
27 **A** B C D
28 **A** B C D
29 **A** B C D
30 **A** B C D

1.A
2.B
3.C
4.C
5.D
6.D
7.A
8.B
9.C
10.C
11.B
12.A
13.B
14.D
15.A
16.C
17.C
18.A
19.A
20.A
21.C
22.A
23.D
24.C
25.A
26.A
27.A
28.A
29.A
30.A

/30



*Future-**Focused***

The University of the Free State's

# APPLICATIONS ARE NOW OPEN!

**#ChooseUFS #FutureLeaders #ApplyNow #FutureFocused**

## Ready to Make an Impact?

Join a university that's dedicated to shaping the leaders of tomorrow. Whether you're drawn to the arts, sciences, law, health, or any of our diverse fields of study, UFS is where your potential can truly unfold.

### Why Choose UFS?

***Innovation and Excellence:*** Our dynamic academic programmes across ***seven faculties*** are designed to push the boundaries of knowledge and innovation.

***Inclusivity and Diversity:*** UFS prides itself on creating a vibrant, inclusive community where every student is valued and supported.

***World-Class Facilities:*** From cutting-edge laboratories to extensive libraries and sports facilities, our campuses are equipped to support your academic journey and personal growth.

***Community and Belonging:*** At UFS, you're more than just a number. You're part of a family committed to kindness, respect, and character.

### Application Details:

***Opening Date:*** Applications for all undergraduate programmes at the Bloemfontein and Qwaqwa campuses are open as of ***1 April***, 2024.

***Closing Dates:*** Please note the specific closing dates for various faculties and programmes, detailed in our prospectus and on our website.

***How to Apply:*** Visit ***apply.ufs.ac.za*** to start your application process. It's quick, easy, and free!

**SCAN ME**

Don't miss your chance to be part of the UFS family in 2025. Apply now and take the first step toward a bright, impactful future. ***For more details on programmes, admission requirements, and how to apply, please visit our website.***

T: +27 51 401 9111 | E: info@ufs.ac.za | www.ufs.ac.za

*Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact, and care.*

Kovsie 2B | VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA | UFS STUDENT RECRUITMENT SERVICES

PROVERTO

**NATIONAL HIGH SCHOOL OLYMPIAD NASIONALE HOËRSKOOL OLIMPIADE**

# 2023

## GRADE 11 GRAAD

## ROUND ONE MEMORANDUM RONDE EEN

### ACCOUNTING / REKENINGKUNDE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. A | 6. A | 11. A | 16. A | 21. C | 26. D |
| 2. B | 7. C | 12. C | 17. B | 22. C | 27. C |
| 3. C | 8. C | 13. B | 18. C | 23. B | 28. D |
| 4. B | 9. A | 14. D | 19. A | 24. A | 29. B |
| 5. D | 10. C | 15. D | 20. C | 25. D | 30. D |

**/30**

### BUSINESS STUDIES / BESIGHEIDSTUDIES

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. A | 6. B | 11. B | 16. C | 21. B | 26. C |
| 2. D | 7. A | 12. A | 17. A | 22. C | 27. B |
| 3. B | 8. A | 13. D | 18. D | 23. C | 28. A |
| 4. A | 9. B | 14. C | 19. B | 24. D | 29. A |
| 5. D | 10. D | 15. B | 20. C | 25. C | 30. C |

**/30**

### ECONOMICS / EKONOMIE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. D | 6. B | 11. C | 16. B | 21. D | 26. D |
| 2. C | 7. C | 12. B | 17. B | 22. C | 27. B |
| 3. A | 8. B | 13. C | 18. C | 23. A | 28. B |
| 4. B | 9. C | 14. C | 19. D | 24. D | 29. A |
| 5. A | 10. C | 15. C | 20. B | 25. B | 30. D |

**/30**

PROVERTO

**NATIONAL HIGH SCHOOL OLYMPIAD NASIONALE HOËRSKOOL OLIMPIADE**

# 2023

**GRADE 11 GRAAD**

**ROUND TWO MEMORANDUM RONDE TWEE**
***Final Round* *Finale Ronde***

## ACCOUNTING / REKENINGKUNDE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. A | 6. A | 11. A | 16. D | 21. D | 26. A |
| 2. B | 7. A | 12. B | 17. D | 22. C | 27. A |
| 3. B | 8. C | 13. B | 18. A | 23. D | 28. C |
| 4. A | 9. D | 14. C | 19. A | 24. A | 29. A |
| 5. B | 10. D | 15. C | 20. B | 25. C | 30. A |

**/30**

## BUSINESS STUDIES / BESIGHEIDSTUDIES

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. B | 6. A | 11. B | 16. C | 21. D | 26. C |
| 2. D | 7. B | 12. A | 17. B | 22. A | 27. D |
| 3. A | 8. D | 13. A | 18. D | 23. B | 28. C |
| 4. C | 9. B | 14. D | 19. B | 24. C | 29. A |
| 5. B | 10. A | 15. B | 20. C | 25. D | 30. C |

**/30**

## ECONOMICS / EKONOMIE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. A | 6. C | 11. A | 16. A | 21. C | 26. C |
| 2. C | 7. B | 12. C | 17. B | 22. B | 27. A |
| 3. D | 8. C | 13. A | 18. B | 23. C | 28. C |
| 4. A | 9. A | 14. C | 19. D | 24. A | 29. A |
| 5. A | 10. C | 15. B | 20. C | 25. D | 30. C |

**/30**

Download free study guides:

www.proverto.co.za




PROVERTO

Guiding the leaders of tomorrow

REIGNITED

PC Training & BUSINESS COLLEGE EST 1990

REGISTER NOW 2024

| INFORMATION TECHNOLOGY | ENGINEERING | BUSINESS |
| --- | --- | --- |
| ▪ Software Development<br>▪ Artificial Intelligence<br>▪ Computer Technician<br>▪ Cloud Computing | ▪ Electrical Engineering<br>▪ Mechanical Engineering<br>▪ Chemical Engineering<br>▪ Civil Engineering | ▪ Human Resources<br>▪ Accounting<br>▪ Office Admin<br>▪ Marketing |

REGISTER FOR QCTO ONLINE

Registrations for Nated Engineering & Nated Business

FREE Proline 14"Laptop Upon a Full Regisration Including a Laptop Bag!

OCCUPATIONAL & NATIONAL N DIPLOMA'S

QCTO: Paralegal Level 5
QCTO: Office Supervisor Level 5
QCTO: Small Business Consultant Level 5
QCTO: Contact Centre Manager Level 5
QCTO: Tax Professional Level 8
QCTO: Tax Technician Level 6
QCTO: Management Acc Officer Level 5
QCTO: Management Acc Practitioner Level 6
QCTO: Management Acc Specialist Level 7
QCTO: Management Acc Level 8
QCTO: Office Administrator Level 5
QCTO: Governance Practitioner Level 7
QCTO: Marketing Co Ordinator Level 5
QCTO: Project Manager Level 5
QCTO: ICT Internal Auditor Level 7

APPLY FOR SKILLS PROGRAMS

INFORMATION TECHNOLOGY
- End User Computing
- Microsoft Excel
- Service Technician
- Network Technician

EDUCATION AND AUXILARY HEALTH
- Mentoring & Coaching
- Facilitator Training
- Assessor Training
- Moderator Training

INSTITUTE OF CERTIFIED BOOKKEEPERS
- National Certificate Bookkeeping
- Further Education and Training Certificate Bookkeeping
- National Diploma Technical Financial Accounting
- National Diploma Financial Accounting
- Certificate office administrator NQF 5
- Higher Certificate in Office Administration
- Diploma Office Administration

AND MORE.....

SCAN NOW

YOUTUBE CHANEL

FULL PROSPECTUS

067 324 2427 info@gopctraining.co.za

ShareCall: 0861 819 266



JOIN THE NEDBANK BURSARY PROGRAMME.

# THE DIFFERENCE STARTS WITH OUR YOUTH.

#YOUNGDIFFERENCEMAKER



**The Nedbank External Bursary Programme is open to full-time Undergraduate and Honours students who are studying towards qualifications in the financial sector with a strong focus on STEM (Science, Technology, Engineering and Mathematics) and Green Economy skills.**

If you do not have the financial means to study full-time towards your degree or diploma at a South African public university or university of technology, and you meet the below criteria, it is time to become a **#YoungDifferenceMaker!**

## CRITERIA FOR SELECTION:

**To be eligible for the Nedbank bursary, you must:**

- be a South African citizen; and
- have a proven financial need, as determined by your household income.

**Must have:**

- a minimum academic average of 65% in the year that you are applying for the bursary;
- a minimum academic average of 65% for the required subjects aligned with the qualification you plan to study towards at university;
- not completed your grade 12 or senior certificate with mathematics literacy; and
- successfully obtained admission approval to a South African public university or university of technology for the undergraduate qualification you plan to study towards.

**The application process:**

We screen bursary applications against our external bursary selection criteria and award bursaries through the Nedbank Educational Trust, at the sole discretion of the trust.

**The screening process:**

- We will only consider bursary applications submitted online via the link we have provided.
- Incomplete bursary applications will be rejected.
- Bursary applications will be screened and shortlisted according to the qualifying criteria.

**If you are shortlisted, we will ask you to:**

- submit the relevant documents for financial review;
- participate in psychometric and other assessments; and
- attend an interview.

## YOUR FUTURE STARTS NOW!

All candidates will receive feedback on the status of their application at the completion of the recruitment and selection process.

**Contact information:**
**Email:** Unlockyourambition@nedbank.co.za

**Closing date for applications is 31 August 2024.**

Bursaries are granted at Nedbank's sole discretion.
For the complete application process and a list of required documents, please visit our website at **www.nedbank.co.za/bursary**

see money differently

**NEDBANK**

Nedbank Ltd 1951/000009/06 - licensed FSP & registered CP (NCRCP16).